

Die Noordelike Hooflaer
in die distrikte
Zoutpansberg, Waterberg en Rustenburg,
vanaf die begin van die Tweede Vryheidsoorlog
tot die besetting van Pretoria
deur
E. BROOS

968 1899

Die Noordelike Hooflaer
in die distrikte
Zoutpansberg, Waterberg en Rustenburg
vanaf die begin van die Tweede Vryheidsoorlog
tot die besetting van Pretoria
deur
E. BROOS.

DIE NOORDELIKE HOOFLAER
IN DIE DISTRIKTE
ZOUTPANSBERG, WATERBERG EN RUSTENBURG,
VANAF DIE BEGIN VAN DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG
TOT DIE BESETTING VAN PRETORIA

DEUR

EPP0 BROOS, B.A.

Voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die
Graad van Magister
in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte,
Universiteit van Pretoria,
Pretoria.

Junie 1943.

INHOUD.

GERAADPLEEGDE BRONNE.....	iv - vi
KAART VAN DIE NOORDELIKE DISTRIKTE.....	vii
INLEIDING	viii - x
HOOFSTUK I. DIE VOORSPEL.	
Konferensie van Bloemfontein-Joubert se voorbereidings-mobilisasie-Genl.Grobler se aanstelling-sy instruksies-oorlogsverklaring-Rhodesdrif	1 - 10
HOOFSTUK II. RHODESDRIF.	
Na Rhodesdrif-Grobler na Waterberg-Engelse posisies-terreingesteldheid-skermutselinge-Vorster na Pretoria-aankoms van kanonne-laertoe-stande-Grobler in Waterberg-Waterberg se offisiere-vertraging-Grobler se onderhandelinge met Khama	11 - 21
HOOFSTUK III. TULI.	
Fort Tuli-Geveg van 2 November-vals alarms-S.P.Grobler vertrek-Genl.Grobler kom-Regering se besluit-Vorster se bemoeiinge-botsing tussen President en Komdt.Genl.-Rhodesdrif verlaat	22 - 33
HOOFSTUK IV. DERDEPOORT.	
Khama en Linchwe se houdings-S.P.Grobler se optrede-aanval op Kruispad en Solika-moord te Derdepoort-onrus in distrikte-Lombard na Samenloop-voorstelle om kaffers te bewapen-straferkpedisie na Sekwanie-Genl.Grobler op Poerzynplaten-Masibi-Genl.Grobler na Colesberg-Vorster natureliekommissaris-Plumer en Trevor	34 - 47
HOOFSTUK V. VERBROKKELING.	
Kelly veroorsaak berceering-verdere oproepings-Vorster hoofkommandant-toestande in Louis Trichardt-geval Hickey-Majoebadag-Engolse-kaffermoeilikhede-Vorster opgeroep.Waterberg:Lombard se ongehoorsaamheid-S.P.Grobler se onwilligheid-Genl.Grobler met verlof-Jan du Plossis de Beer opgeroep	48 - 65
BESLUIT	66 - 67
BYLAE I TCT VI	68 - 72

Geraadpleegde Bronne.

A. Onuitgegewe Stukke in die Staatsargief te Pretoria.

Argiefafdeling Kommandant-Generaal, Suid-Afr.Republiek
(aangdui K.G.)

- do. do. , Notule Krygsraad.
- do. Joubert-Kolleksie.
- do. Staats-Sekretaris, S.A.Republiek,
(aangedui S.S.)
- do. do. , Inkomende stukke,
(aangedui R)
- do. do. , do. Oorlog,
(aangedui Rx)
- do. do. , Uitgaande stukke,
(aangedui T.B., B.B.)
- do. Eerste Volksraadsnotule.
- do. Uitvoerende Raadsnotule.
- do. Dr.W.J.Leyds-Argief, Versamelde Oorlogste-
legramme, (aangedui Leyds, Leyds V.O.)
- do. do. , Staats-Sekretaris,
Afdeling Kabinet, (aangedui G.R.)
- do. do. , Notule Uitv.Raad,
1899-1900.
- do. do. , Versamelde Oorlogs-
telegramme Genl.Botha.
- do. Zoutpansberg-Argief.
- do. Waterberg-Argief.
- do. Rustenburg-Argief.

B. Uitgegewe Stukke.

De Locale Wetten der Z.A.R., 1898.

Staatscourant van de Z.A.R., 1899 - 1900.

Notulen en Verrichtingen van den Eersten Volksraad, 1899.

Staatsalmanak van 1899.

C. Koerante en Tydskrifte.

De Volksstem, 1899 - 1900.

De Zoutpansberg Wachter, 1899

Randpost, 1899

Historiese Studies, Jaargang 3, No.2, 1942.

D. Ongepubliseerde Werke.

Nierstrasz, P.A., De Oorlog in Zuid-Afrika (Argief, Pretoria).

Krause, Komdt.L.E., Reminiscences. Hulle is opgestel in Maart 1901. Na die besetting van Pretoria word (nou wyle) Mnr.Krause kommandant. Hy dien later onder Genl.Beyers as kaptein van verkenners. Word na die slag van Nooitgedacht, Desember 1900, gevang en skryf in gevangenskap sy herinneringe (in Engels).

E. Geraadpleegde Werke.

Andriessen, W.F., Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika; H.A.U.M. 1904.

Bodenstein, Dr.H.D.J., Was Generaal Botha in 1900 'n verrader? J.H.de Bussy, 1916.

Cassel's History of the Boer War, Revised Edition, Vol.II.

Conan Doyle, A., The Great Boer War; 1900.

Davitt, Michael, The Boer Fight for Freedom; New-York and London, 1902.

Engelenburg en Preller, Onze krygsofficieren; Volksstem, Pretoria, 1904.

Grobler, P., H.C.Bredell, Gedenkschriften van Paul Kruger; J.Funke, Amsterdam, 1902.

Harding, Col.Colin, Frontier Patrols; Bell & Sons, Ltd., London. 1937.

Kestell, Ds.J.D. en D.E.van Velden, De Vredesonderhandelinge tusschen Boer en Brit; J.H.de Bussy, 1909.

Leyds, Dr.W.J., Tweede Verzameling (Correspondentie 1899-1900) Deel I en II; 's Gravenhage, 1930.

Maurice, Sir Frederick, History of the War in South Africa, 1899-1902; Hurst & Blackett, Ltd., London, 1906.

Muller, Genl.Chris.H., Oorlogsherinneringe; Nasionale Pers, Bpk., 1936.

Munnik, Senator G.G., Kronieke van Noordelike Transvaal; Suid-Afrikaanse Boekwinkel, Pretoria.

Naudé, J.F., Vechten en Vluchten; Nygh & Van Ditmar, Rotterdam.

Preller, G.S., Historiese Opstelle, 1925.

Scholtz, G.D., Genl.Christiaan Frederik Beyers; Voortrekkerpers, 1941.

- Somerset Bell, W.H., Bygone days;
H.F. & G.Witherby, London.
- Times, The Times History of the War in South Africa;
Amery, decl IV.
- Walker, Eric A., A History of South Africa;
Longmans, Green and Co. Ltd., London, 1928.
- Weeber, Op die Transvaalse Front, 1Junie 1900 - 31 Okt.1900.
Nasionale Pers, Bpk., 1942.
- Witton, G.R., Scapegoats of the Empire.

F. Mondelinge informasie.

Verskillende persone wat destyds tot die kommandos behoort het.

I N L E I D I N G

Van die bewegings van die Zoutpansberg- en Waterbergkommandos in die eerste maande van die Tweede Vryheidsoorlog is maar weinig bekend. Op die loop van die oorlog self het die betreffende kommandos geen direkte invloed uitgeoefen nie. Indirek het hulle wel daartoe bygedra, insover 'n taamlike groot aantal weerbare manskappe in die begin aan die belangrikste krygsoperasies onttrek is. Agteraf beskou was dit moontlik gewees om 'n deel na die Natal- en die Westerfront te stuur.

Die feit bly egter staan dat die Noordelike grens nie onbewaak kon gelaat word nie en teenoor die Engelse troepe in Suid-Rhodesië moes 'n Boeremag gestel word. Eers nadat blyk dat die betrokke vyandelike mag van minder belang is, kan 'n deel van die Boeremagte van daardie gevegsterrrein woggeneem word.

Soos aangetoon sal word was ook die gevaar van naturelle-opstande 'n faktor in die beraamde verdeling van kommandos, alhoewel dit later blyk dat hierdie naturelle-gevaar met heelwat minder burgers in bedwang ghou kan word. Die faktor het bly bestaan dwarsdeur die tydperk onder behandeling en selfs daarna.

Uitgegewe bronne omtrent hierdie tydperk is betreklik skaars. Van Engelse kant word die eerste betsings behandel in werke kort na die oorlog uitgegee; van Boerekant kry mens slegs hier en daar verwysings, bv. in koerantberigte, en is 'n mens dus vir die grootste deel aangewys op die Staatsargief in Pretoria, waar die versamelde oorlogstelegramme die meeste stof verskaf. Die telegramme is volgens datums gerangskik, maar 'n inhoudsopgawe met 'n korte aanduiding is slegs vir die eerste weke beskikbaar en maak navorsingswerk tydrowend.

Wat die onuitgegewe stukke betref, is die manuskrip van (nou wyle) Komdt.L.E.Krause besonder waardevol. As Pietersburger en as iemand wat aktief aan die oorlog aan Boerekant deelgeneem het, is sy herinneringe van groot belang, te meer omdat hy nie skroom om kritiek toe te pas waar hy dit in belang van Land en Volk nodig ag. Persone en toestande in dele van Zoutpensberg word met 'n vaardige pen geskets en uit alles blyk sy innige toewyding aan die Boeresak.

Dis opmerklik dat by die huidige geslag die gebeurtenisse van die eerste sowe maande ver in die skadu gestel word deur die optrede van Genl.Boyers vanaf September 1900. Laasgenoemde is bv. baie meer bekend as Genl.Grobler.

Tog is die eerste maande nie van belang ontbloot nie: hulle toen duidelik sekere tekortkominge in die Boere se oorlogvoering aan, bv. gebrek aan dissipline, persoonlike jaloesies en onderlinge wantroue, die stel van persoonlike belange bo landsbelange. Wat die oorlogvoering self betref, het die stelsel van twee afsonderlike hoofde baie afbreuk gedoen aan die doeltreffendheid. Aan die hoof van die kommandos het die Kommandant-Generaal, wat op die Natal-front was, gestaan, terwyl daar in Pretoria die kantoor van die Kommandant-Generaal was, waarvan die President self die siel was.

Beide het orders uitgevaardig, onafhankelik van mekaar in baie gevalle. Teenstrydige orders het dan ook nie uitgebly nie, tot skade van die goeie gang van sake. 'n Militêre rogering op dieselfde voet as in die Oranje-Vrystaat sou die moeilikhede oorkom het, maar ongelukkig is daartoe nie oorgegaan nie.

Die tydperk sluit af met die besetting van Pretoria, waarna die Zoutpensberg- en Waterbergkammen-

dos stelling inneem langs die Pietersburg-spoor. Later, onder die energieke leiding van Genl. Beyers, sal hulle weer 'n daadwerklike aandeel neem in die oorlog vir Vryheid en vir Reg.

Ten slotte 'n besondere woord van dank aan Prof. I.D. Bosman vir sy leiding in verband met die opstel van die verhandeling; aan die Assistent-Hoofargivaris en sy staf vir hulp wat so bereidwillig verleen is by die neversingswerk in die Staatsargief te Pretoria; en aan Mevr. L.E. Krause, Pietersburg, vir die verloop om gebruik te maak van die manuskrip van wyle Komdt. Krause.

H O O F S T U K I

D i e V o o r s p e l

Nadat die konferensie van Bloemfontein, 1-3 Junie 1899, op 'n mislukking uitgeloop het, gaan sake van kwaad tot erger. Sowel van Boere- as van Engelse kant word voorbereidings getref vir 'n, soos dit lyk, onvermydelike oorlog. Die Republieke bestee noukeurige aandag aan die aankoop van ammunisie en vuurmonde en Chamberlain deel die Laerhuis mee dat 'n nuwe toestand van sake ingetree het ¹⁾.

Oorlogswolke het egter reeds baie eerder hulle verskyning gemaak en die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek sou sy plig wel skromelik verwaarloos het, indien nie maande tevore die moontlikheid van 'n oorlog in die naaste toekoms onder die oog gesien is nie. So rig die Kommandant-Generaal in April van dieselfde jaar 'n skrywe aan alle kommandante waarin hy wys op die mag van die vyand. Wat hom veral tref is dat die vyand oor 'n staande mag beskik wat elke oomblik gereed is om binne enige ure na een of ander kant op te ruk, terwyl

"onze burgers eerst opgecommandeerd moeten worden, dan bakken en slachten, enz., en dan heeft de een geen paard, de ander geen zadel, riem of toom en soms zelfs geen geweer of patronen." En verder: "Onze vyand gaat om als een zoekende leeuw om ons te verschalken en te verslinden."

Hy vra dan die kommandante om ondersoek in te stel, "stil en confidentieel", of die onderoffisiere en burgers vir die ergste en onverwagste gereed is:

"Verlies geen tyd om u ervan te verzekeren. Te laat, te laat is galgenberouw. Niemand die geladen heeft, behoeft dadelyk te schieten, men kan desnoods nog weer ontladen, maar als men in den nood nog eerst naar geweer enz. moet zoeken kan het reeds te laat wezen als men het vindt" 2).

1) Walker, p.481.

2) K.G. 198, d.d.24 April 1899.

En weer in 'n konfidensiële sirkulêre aan alle kommandante, "medebroeders" en offisiere:

"De crisis is nu zoo hoog gerezen dat u elk oogenblik den aanval kunt verwachten.....Laat nu maar gerust elke burger zyn bladzak, biltong en aschkoek of beschuit gereed hebben.....Laat my weten met hoeveel burgers te paard gy gereed zyt om by oon wenk op te rukken"3)

Reeds word die burgers se bewegingsvryheid ingekort: binne hul wyk mag die burgers hul vry beweeg, maar indien hulle hul wyk vir enige dae of wêke wil verlaat, moet hulle van die Veldkornet of Kommandant verlof hê sodat hy kan weet waar hy hulle in geval van nood kan vind⁴⁾.

Na die Bloemfonteinse konferensie neem sake egter 'n baie ongunstiger wending. Teen die end van Junie kry Butler, agerende Hoëkommissaris in die afwesigheid van Milner, bevel om transport te versamel⁵⁾. Latere onderhandelinge lower geen resultaat nie en in Augustus dring Milner by Chamberlain daarop aan om strenger op te tree en is Baden-Powell besig om troepe in Beetsjoeanaland en Rhodesië op die been te bring. Troepe van Indië en die Middellandse see word na Suid-Afrika verplaas⁶⁾.

Met al hierdie voorbereidings is die Republikeinse regering goed op hoogte en Kommandant-Generaal Joubert rig dan ook 'n omsendbrief aan alle offisiere en burgers waarin hy die bedreiging van die kant van Engeland beklemtoon en hulle die erns van die toestand laat besef.

"Onze volksbestaan wordt bedreigd, en ook in gevaar gebracht. Gedurig komen kanonnen, ammunitie en krygsvoorraden on Britsche troepen naar Natal en het is vry praat by elke officier of zelfs soldaten van het Engelsche goevernement: wy gaan den Transvaal veroveren, wy gaan de Boeren vechten, enz."

Die Komdt.Genl. dink aan die tyd van die Jameson-inval toe die telegraafdrade deurgesny is en waarsku die burgers teen sabotasie van hierdie aard. Hy vermaan hulle om bp'hulle hoedo

3) Joubert-kolleksie 7, No. 2795; C.B. 12/99.

4) Joubert aan die Landdros van Waterberg: K.G. 262, 385/99, d.d. 27 Mei 1899.

5) Walker, p. 482.

6) Walker, p. 485.

te wees en in so'n geval weerstand te bied, selfs al ontbreek 'n definitiewe bevel. Maar net, die aanleiding moet nie van hulle uitgaan nie;

"Wy willen geen oorlog-----als Christenvolk denken en bidden wy om den vrede"7).

Die burgers het dan ook die gevaar reeds gedug begin voel en in distrikte met 'n groot kafferbevolking het hulle op sekere plekke selfs paniekerig geword, sodat hulle uit vrees vir moontlike kafferaanvalle in laers getrek het. Onreëlmatighede van hierdie aard het duidelike misnoeë by die regering verwek.⁸⁾

Intussen kry die Kommandante van die verskillende distrikte opdrag waar om hulle in geval van oorlog met hulle kommandos te begewe. Die burgers moet tegelyk opruk na die grense en aan die verskillende kommandantskappe word hulle besondere posisies verduidelik. Die toestand op die Westelike en Noordelike grense vereis veral aandag en baar enige moeilikheid:

"Onze West--en Noorderlyn zal ons binnenkort veel moeite geven als daar niet met groote spoed en goede beleid gewerkt wordt. Doch hier moeten wy eerst de Kaapkolonie hooren welke weg zy met ons volgen wil in tyd van oorlog. Het zal zeer hard gaan als de Kaap- en Natalkolonies ook tegen ons keeren en door ons bewerkt moeten worden9).
vecht

Blykbaar voel Genl. Joubert nie gerus met betrekking tot die Kaapkolonie, veral daar deur die Bondsvoormanne soos J.H. Hofmeyr gedurig poginge aangewend is om die oorlog te besweer deur die Republiek tot steeds verdere toegewinge te doen beweeg, iets waarvan Genl. Joubert opdié stadium (September) oortuig was dat

"het nu eenmaal niets meer zal helpon-----al zouden wy nu twee jaar of een jaar stemreg toestaan-----het is de vrees dat de Zuid-Afrikaansche Republiek zal te veel achting en invloed winnen en dat later Zuid-Afrika zal worden een volk en een onafhankeliken staat en dat moet voorkomen worden"10).

7) Joubert-kolleksie 7, No. 2802, d.d.15 Augustus 1899.

8) K.G. 263/201, d.d.15 September 1899.

9) K.G. 345Bf/Joubert-kolleksie 7, No.2798.

10) Joubert-kolleksie 7, No.2727, September 1899, in 'n brief aan J.H. Hofmeyer.

a) geen no. en ongedateerd.

Indedaad sou niks meer baat nie. Voorbereidsels van Engelse kant en die sekerheid van 'n onvermydelike oorlog noop die Regering tot die neem van ingrypende maatreëls en die 26ste September volg die algehele mobilisasie van die Transvaalse strydmagte.¹¹⁾ Dieselfde dag word die Regering in 'n geheime sitting van die Eerste Volksraad gemagtig om met die oog op die publieke toestand na die verdagting van die Raad besluite te neem en instruksies te gee wat nodig bevind mag word vir die belange van die land. Hierdie besluite en instruksies sou krag van wet hê. Terselfder tyd word die Regering gemagtig om ter bestomder tyd die krygswet te¹²⁾ proklameer .

Die mobilisasie het ingesluit die aanstelling van vier kommandante tot Assistent-Kommandant-Generaels, n.l. Kommandante P.J.Cronjé, Lucas Meyer, Schalk Burger en F.A. Grobler. Laasgenoemde word in bevel geplaas van die Noorder Hooflaer wat sou bestaan uit die Waterberg en Zoutpansberg kommandos. Die aanstelling word vergesel deur enige algemene instruksies en besonderhede omtrent die artillerie wat¹³⁾ beskikbaar gestel sal word .

FREDERIK ALBERTUS GROBLER was sinds Mei 1899, na die benoeming van Kommandant Piet Potgieter tot burgemeester van Pretoria, Kommandant van Waterberg. Die bevordering, binne 'n jaar, van Veldkornet tot Assistent-Kommandant-Generaal was seker 'n bewys van die vertroue deur die Regering in hom gestel. Die Regering se keuse was ewewel nie 'n gelukkige nie, en die loop van die gebeurtenisse sou bewys dat Kommandant Grobler nie die regte man vir so'n belangrike betrekking was nie. Die verantwoordelikheid op sy skouers geplaas was blykbaar te groot vir hom. Inisiatief het hom ontbreek en durf en deursettingsvermoë was hom vreemd. Voor die eerste oorlogsjaar verby was,

11) Nierstrasz, p.236.

12) E.V.R.90. d.d.28 September 1899.

13) K.G.262, 595/99; K.G.263, 526/99; K.G.344; K.G.352.
Vir die aanstellingsbrief sien Bylaag I, bls. 68.

sou die Regering dit nodig oordeel om hom te doen vervang deur die toe op die voorgrond tredende Christiaan Beyers ¹⁴⁾ .

Onder Genl. Grobler ager Voldkornet H.S.Lombard as Kommandant van Waterberg, terwyl die ou veteraan Kommandant H.C.J.van Rensburg oor die Zoutpansbergers die bevel voer ¹⁵⁾ . As vertroulike adviseurs is aan Genl. Grobler toegevoeg die here B.J.Vorster, Lid van die Eerste Volksraad vir Pietersburg, ¹⁶⁾ en F.Boshoff, Lid van die Tweede Volksraad vir Waterberg, "beproofde en deur die volk gowaardeerde manne". Hulle moes die offisiere met raad en daad tersyde staan en veral eersgenoemde het in die Krygsraad sy invloed terdege laat geld.

Teneinde in direkte voeling met die hoofkwartier in Pretoria te bly is op inisiatief van Danie Theron 'n rapportgangerskorps van wielryders opgerig met homself aan die hoof. Hierdie korps het uitstekende dienste aan die Boere bewys en 'n afdeling van hierdie korps was sowel in Nylstroom as in Pietersburg gestasioneer ¹⁷⁾ .

'n Week na sy aanstelling ontvang Genl. Grobler van die Kommandant-Generaal nadere instruksies. Hy moet die verskillende kommandos so spoedig moontlik posisie laat inneem op die beste plekke na aan Krokodilrivier waar hierdie rivier die grens vorm met Brits Beetsjoeanaland. Vir behoorlike

¹⁴⁾ September 1900. Weens sy groot gestalte was Genl. Grobler in die omgang bekend as "Groot Freek".

"His main qualifications seemed to be the ability to stretch his body and laugh with a roar at his own silly sayings. Probably he was chosen to keep up the spirits of the Burgers! (Krause) Hy is dood in 1901.

- 15) Komdt. Hendrik Christoffel Janse van Rensburg, gebore 21 Julie 1841 in die distrik Rustenburg, trek in 1857 na Zoutpansberg, vestig hom in Schoemansdal en word in 1879 gekies tot kommandant van Zoutpansberg. (Engelenburg en Preller) By die uitbreek van die oorlog was hy woenagtig op die plaas Beschfontein, wyk Marabastad. Hy was 'n besonder saggeaarde man.
- 16) B.J.Vorster was die seun van Swart Bêrend Vorster (deur die kaffers Moekoentaidie genoem). By die Boere was hy bekend as "Kruppel Bêrend".
- 17) L.E.Krause was in die bevel van die wielryderskorps op Pietersburg. Ses man was op Pietersburg gestasioneer, vier by Watts, 30 myl van Pietersburg, vier man 15 myl verder by Witklip, en so verder vier man elke 15 myl tot by Rhodesdrif. Die diens was perfek. (Krause)

bewaking moes sorg gedra word en die rapportgangers moet die Regering van sy bewegings noukeurig op hoogte hou. Verleëpig moet hy niks anders doen as om die lyn (grens) te beskerm en die kaffers in die oog en so nodig in bedwang te hou. Verder moet hy wag op nader berig van die Regering.¹⁸⁾

Die swaartepunt in die bewaking van die grens het ongetwyfeld gelê by Rhodesdrif, reg noord van Pietersburg. Ongeveer twintig myl noord van Rhodesdrif het die eerste versterkte fort van die Engelse gelê, Fort Tuli.¹⁹⁾ Hier was die vyand die naaste aan die grens en hier kon 'n aanval verwag word. Dit spreek dus vanself dat hierdie plek die Genl. se onmiddellike aandag moes vereis het. Maar sy hart was in Waterberg: eers moes Waterberg versorg word en dan sou Zoutpansberg aan die beurt kom. En sake in Waterberg wou nog nie vlot nie, daar is regs en links opgekommandeer sonder om aan die verskillende behoeftes van dorp en distrik te dink en die samewerking tussen Landdros, Kommandant en Generaal het heelwat te wense oorgelaat.²⁰⁾ Eers nadat deur die Regering tot spoed aangemaak is, vertrek die Generaal na Pietersburg waar hy die 10de aankom.²¹⁾

Die 10de was die dag van die ultimatum en mens kan dink dat die Regering teleurgestel moes gewees het dat Genl. Grobler nog op verre na nie sy instruksies nagekom het nie. Hy moes seker baie nader aan die Krokodilrivier gewees het! Onbekend met die erns van die toestand kon hy tog nie wees nie; nog op Nylstroom ontvang hy van die Kommandant-Generaal 'n omsendbrief waarin op deeglike organisasie aangedring word.

"Ik weet niet op welke uur van den dag of nacht en hoe spoedig het moet en zal gebeuren dat wy met alle paarden-ruiters zullen moeten oprukken en dan verscheiden dagen

18) K.G.Brieweboek, 767/99, d.d.50oktober 1899.

19) Noukeurige informasie omtrent die sterkte van die Britse troepe in Rhodesië is verstrek deur Danie Theron wat in die begin van September per rywiël langs die hele wester- en Noorderlyn gery het tot in Buluwayo en Salisbury (Krause).

20) Lombard was Grobler se opponent in die verkiesing vir 'n Kommandant.

21) K.G.Brieweboek, 824/99; 881/99; 890/99; K.G.332(5)516.

in het open veld zullen moeten blyven, daarom inspec-
 teer uwe manschappen en maak hun gereed voor een
 onverwacht en onvoorziene oprukking. Ieder Commandant
 moet zorgen voor reserwepatronen, een voorraad brood,
 enz. enz. ook voor watervervoer, nachtlampen om seinen
 mede te geven, enz., met een woord: Weest allen klaar
 en gereed voor de ergste. 22)

Gelukkig is in Zoutpansberg nie afgewag op die koms
 van Genl. Grobler nie, maar was die hooflaer reeds die 5de
 Oktober naby Kalkbank gelaer, 'n dertig myl N.N.W. van Pieters-
 burg. Van hier tot by Rhodesdrif was dit nog 'n honderd myl,
 23)
 maar inpleks van so spoedig moontlik verder op te ruk het die
 laer hier bly kampeer en blykbaar die koms van Genl. Grobler
 met sy Waterbergers afgewag. Die berig dat oorlog verklaar is,
 is dan ook hier laat in die aand van die 11de Oktober per
 24)
 rapportganger aan Genl. Grobler oorhandig .

Vir die Krygsverrigtinge in die Noorde was die
 spoorlyn van Pretoria na Pietersburg van die allergrootste
 belang. Teneinde versekerd te wees van die dpeltreffendheid
 van die oorlogsdienste is die spoorweg onttrek aan die
 beskikking van die Direksie van die betreffende Spoorwegmaat-
 skappy en ter beskikking van die Regering gestel . 25)
 Vir
 deeglike bewaking is sorg gedra.

Naturelle is opgekommandeer om ten behoeve van die
 kommandos in die veld brandhout na hierdie spoorlyn op ver-
 skillende plekke te vervoer. Die brandhout moes op goewerments-
 gronde bymekaargemaak word, maar ook op privaat gronde van
 26)
 eienaars wat geen persoonlike krygsdiens verrig het nie .
 Die laaste bepaling was in ooreenstemming met die beleid om
 27)
 die laste soveel moontlik eweredig te verdeel .

In 1899 het die Noordelike distrikte uit slegs twee

- 22) K.G. 345B, d.d.7 Oktober 1899.
 23) K.G. 332(1), 62; K.G. 332(3), 273. Die laer het bestaan uit
 Veldkornetskappe Marabastad (Veldkornet A.Z.A.Briel) en
 Rhenosterpoort met Komdt. Van Rensburg.
 24) Die telegram is deur Krause omstreeks middernag oorhandig.
 25) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 914, d.d.4 Oktober 1899.
 26) Do. art. 914.
 27) Wet No. 20, 1898, art. 5.

distrikte bestaan, Zoutpansberg en Waterberg. Zoutpansberg, verdeel in die wyke Marabastad, Rhenosterpoort, Houtbos, Onderveld en Spelonken, kon beskik oor ongeveer 1000 dienspligtiges van tussen 18 en 50 jaar. Waterberg, onderverdeel in wyke Nylstroom, Zwagershoek en Piet Potgietersrust, het omtrent 650 burgers tussen voornoemde ouderdomme gehad, sodat Genl. Grobler oor omtrent 1650 á 1700 man kon beskik. In vergelyking met met die belangrikheid van die gevegte wat later plaasgevind het, is die syfer buiten verhouding hoog.²⁸⁾ 'n Mens sou toelaatbare kritiek kon uitoefen op die beleid om so'n groot aantal burgers in die begin van die oorlog tot betreklike werkeloosheid te doem, terwyl hulle op ander frontebale meer gewig in die skaal kon gelê het.

Dit moet egter in die oog gehou word dat daar wel ddeeglik gevaar uit die Noorde gedreig het waarmee die Regering moes rekening hou. Afgesien van die sametrekking van Britse troepe op die Noordergrens waarvan die Regering bewus was, was daar die feit dat die twee distrikte 'n ontsêglike oppervlakte beslaan het: Zoutpansberg alleen het 'n oppervlakte van 36,000 vk. myl gehad; die Noordergrens van die distrikte was die Limpopo of Krokodilrivier vanwaar die Matlabas-rivier in hom inloop tot by die Portugese grens. Die grootste gevaar het egter gelê in die groot aantal naturelle stamme wat in die noorde gewoon het. 'n Mens dink in hierdie verband slegs aan die nie geringe aantal kafferoorloë in hierdie gebied gedurende die negentiger jare. Die laaste kafferoorlog was die teen Mpefu, hoof van die Bawondas, Oktober tot Desember 1898, skaars 'n jaar gelede. Wel was Mpefu verslaan, maar hy was nie gevang nie. Hy was dus 'n potensiële gevaar, solang as die moontlikheid bestaan het dat hy met die hulp van die Britte sou probeer om sy verlore gebied en prestige te herwin. Gerugte dat hy begerig was om die Engelse magte in

28) Staatsalmanak van 1899.

Zoutpansberg wou lei, het dan ook al spoedig die rondte
 gedoen en die Regering het al die moontlike in die werk gestel
 om dit te verhinder ²⁹⁾. So kon Naturellekommissaris wat
 daarom gevra het, geen verlof kry om saam met die burgers op
 kommando te gaan nie. ³⁰⁾ Gelukkig het die Regering ook indirek
 stoun van ander Bawendakapteins verkry deurdat laasgenoemdes
 in onmin met Mpefu verkeer het ³¹⁾. Dit was een van die redes
 waarom Mpefu nie dadelik sy dreimente kon waar maak nie: hy
 was nie gewild onder 'n groot gedeelte van sy stam nie en kon
 nie op sy vroeëre onderdane staat maak nie. Hoewel die Regering
 hiervan kennis gedra het, was hy tog op sy hoede en is spesiaal
 opdrag gegee om die drif waardeur Mpefu na Rhodesië gevlug
 was, dop te hou ³²⁾ :

Kort na die Magato-ekspedisie is Louis-Trichardt
 gestig en om beskerming aan die nuwe intrekkers te verleen
 om om te sorg dat die pas onderworpe naturelle nie uit die
 band sou spring nie, is naby die dorp 'n fort gestig, beman
 met salaristrekkende vrywilligers. Die fort, na sy eerste
 kommandant later Fort Botha genoem, moes dien om veral 'n oog
 op Mpefu se bewegings te hou, maar het natuurlik in die Tweede
 Vryheidsoorlog ook 'n rol gespeel. Die fort het sy eie artillerie
 gehad en het regstreeks onder die Kommandant-Generaal gestaan,
 'n bepaling wat later nogal tot heelwat moeilikhede gelei het
 toe die Veldkornette hulle bevele ook wou uitstrek tot die
 Vrywilligerskorps.

Voorstelle om naturelle te bewapen is van verskillende
 kante gedoen, selfs van verantwoordelike persone ³³⁾. Die
 Regering het ewewel in sod'n tere saak 'n uiters korrekte houding
 ingeneem en standvastig gewoer om aan sulke versoeke gehoor
 te gee.

29) K.G. 263, d.d. 28 September 1899.

30) B.v. D.J. du Preez, Naturellekommissaris, Klipdam.

31) K.G. 332(3), 220.

32) ~~K.G. 329/99~~ Ibid.

33) K.G. 263, 392/99. Sien verder bls. 40, voetnote 29 en 30
 en vgl. Leyds 712(5).23, d.d. 7 Desember 1899.

In die Noordooste, oorkant die Limpopo, het Khama regeer, die tradisionele vriend van die Engelse, en as sodanig goed bekend by die Boere, wat hulle geen illusies omtrent Khama se houding gemaak het nie. Meer na die Suide was Linshwe die hoof van die Bakgathla. Omtrent Linshwe se houding was daar minder ongerustheid; die Regering het in die begin selfs op Linshwe se neutraliteit gereken. Britse invloed en Onversigtige optrede van enkele persone van Boerekant sou van Linshwe 'n meedoënlose vyand maak soos die Derdepoort-moord sou bewys.

Die Regering se besluit om 'n groot mag aan die Noordgrens te hou was dus te regverdig. Oor die geheel genome het die naturelle hulle in die begin rustig gedra, seker nie sosoer uit simpatie met die Boeresak nie, as wel om eers te sien hoe sake sou ontwikkel. Hulle het hul, soos vanouds, geskaar aan dié kant waar hulle die meeste voordeel kon behaal, uitsonderinge daargelast.

H O O F S T U K II

R h o d e s d r i f .

Nadat die oorlogsverklaring deur Genl. Grobler omtrent middernag van die 11de Oktober op Kalkbank ontvang is, is die verskillende veldkornetskappe aangesê om met die meeste spoed op te ruk na Rhodesdrif. Die burgers was geesdriftig, "onkeorbaar" selfs. Eindelik dan is die periode van afwagting verby en het die uur van vergelding gekom; vergelding vir die kwaad deur die Engelsman hulle aangedoen. Baie van hulle onthou nog die Eerste Vryheidsoorlog en met die mees hoopvolle verwagting gaan hulle die vyand tegemoet.

Die voorhoede, veldkornetskap Marabastad, onder Vk. Briel, kom die 15de Oktober by Rhodesdrif aan terwyl die ander kommandos twee dae later hulle by hom aansluit ¹⁾. Briel trek sy laer 'n paar myl meer oostelik, nl. te Hendriksdal, 'n polisiestasie, waar ook die belastinggaarder sy kantoor gehad het ²⁾.

Die Boere was te laat: reeds het die Engelse hulle verskyning aan die drif gemaak en het hulle tyd gehad om hulle forte, veral Fort Tuli, te versterk. Was hulle, soos die opdrag gelui het, ten tyde van die oorlogsverklaring naby Rhodesdrif gewees, sou hulle in 'n heelwat voordeligerposisie gewees het. Tuli self is eers die 14de Oktober deur Plumer beset en laasgenoemde was dus in staat om hom op moontlike ³⁾ gebeurlikhede voor te berei.

Die versuim is onherstelbaar gemaak deur Genl. Grobler

-
- 1) Die 14de staan Briel by Loubad, of Warmbad (op die plaas Evangelina), 133 myl Noord van Pietersburg en ongeveer 'n dagreis van Rhodesdrif. K.G. 333/71.
Die ander kommandos was die van Rhonosterpoort onder Vk. J.L.H. du Preez, Onderveld onder Wd. Vk. Frans Naudé, Spalonken onder Vk. J.Th. Kelly en Houtbosch onder Vk. H.W. Alberts. Zoyt pansberg Wachter, d.d. 14 Oktober 1899;
2) Staatsalmanak van 1899; De Volksstem, d.d. 17 Nov. 1899 en
3) Maurice, III, p.188. 27 Okt. 1899.

deurdat hy met sy twee honderd Waterbergers die Zoutpansberg-
laer verlaat het, voordat hulle Rhodesdrif bereik. Op pad
soontoe kry hy, by Brakrivier aangekom berig dat die Engelse
troepe by Slypsteendrif (Solikasdrif) die rivier wil oorstee
en dus Waterberg wil inval. Dit moet, kom wat wil, verhinder
word. Wel is die res van Waterberglaer nog daar maar hy
verneem met dieselfde geleentheid dat die Waterbergers nog nie
op hulle poste is nie. Daarom besluit hy om dadelik met sy eie
kommando daarheen te gaan om die Engelse te keer, die Water-
bergers aan te spoor tot spoed, en om dan, in die algemeen,
te handel "na bevind van sake". Hy laat Komdt. Van Rensburg
optree as Wd. Ass. Komdt. Genl. en gelas hom om met sy mense
af te trek na Krokodilrivier en die rivier te bewaak⁴⁾.

Hy wil die rivier laat bewaak, nieteenstaande hy
opdrag het om die vyand te beveg waar hy te vinde is, om
Rhodesdrif in besit te neem en om Fort Tuli te beset! Hy
wil hulle tot werkeloosheid doem terwyl aksie die vereiste
is en dit na aanleiding van 'n gerug. Selfs al het die gerug
waarheid bevat, dan nog was sy plek by Rhodesdrif en kon
hy die bedreiging van Waterberg aan die ander Waterbergers
oorgelaat het. Miskien het hy kafferinvalle gevrees, miskien
was die berig vir hom 'n welkome ekskuus om na Waterberg terug
te gaan⁵⁾. Hoe dit ook mag wees, die Zoutpansbergers moes
'n maand lang sonder hulle generaal klaarkom⁶⁾ en die nadelige
gevolge van Genl. Grobler se handelwyse het nie uitgebly nie.

Hoewel Genl. Grobler hoof bly van beide distriks-
kommandos is blykbaar versuim om te sorg vir voldoende
kommunikasie tussen die twee afdelings en het die generaal

4) K.G. 333/71, d.d. 16 Oktober, 1899.

5) Volgens Krause is Grobler op 'n veldtog uit teen 'n kaffer-
kaptein teen wie hy 'n grief had. Ook in "The Times'History"
deel II, p.297, word van soiets melding gemaak, maar ek
kon geen nadere bevestiging daarvan kry nie. Miskien is
hy verwar met sy broer, Komdt. van Polisie, S.P.Grobler,
wat hom wel aan ongeoorloofde optrede teen natuurlike
skuldig gemaak het.

6) Tot 12 November.

7) Kyk volgende hoofstuk.

oënskynlik in die Bosveld verdwyn. Selfs die Regering hoor
niks van hom nie ⁸⁾. Met ongeduld is sy terugkoms deur die
Zoutpansbergers afgewag veral omdat in Waterberglaer twee
kanonne was wat hulle broodnodig gehad het met die oog op die
posisie waarin hulle hul bevind het.

Oorkant die rivier, ongeveer twee-en-n-halwe myl
van die Boerelaer verwyder, het die Engelse laer opgeslaan.
Die vyf vyandelike eskadronne teenoor hulle was onder bevel
van Luit. Kol. H.C.O.Plumer. Vier eskadronne was gelaer
langs die rivier naby verskillende driewe, terwyl die vyfde
in reserwe in Tuli, 20 myl noord van Rhodesdrif en 150 myl
suid van Buluwayo, agtergehou was. Altesaam het die vyandeli-
ke mag bestaan uit ongeveer 500 man met enige stukke grof
geskut ⁹⁾.

Van Baden Powell kry Plumer met die uitbreek van
die oorlog opdrag om, met Tuli as sentrale punt, die grens,
d.w.s. die rivier Limpopo te bewaak en terselfdertyd met
Baden Powell wat in Mafeking die bevel gevoer het, in kom-
munikasie te bly. Verder moes hy die aandag van die Boere-
kommandos van die Beetsjoeanaland se spoorweg aflei deur
soveel moontlik invalle in Noord-Transvaal te doen ¹⁰⁾.

Die spoorweg deur Beetsjoeanaland, van Mafeking na
Buluwayo, is van groot belang geag sowel deur die Engelse as
deur die Boere. Al die moontlike is deur die Engelse gedoen
om die lyn vry te hou vir hulle krygsoperasies en van Boere-
kant is poginge in die werk gestel om dit te verhinder en
in die begin van die oorlog met 'n seker mate van sukses. By
Gaberones, ongeveer negentig myl noord van Mafeking, is die
spoorlyn deur Veggeneraal Snyman se burgers opgebreek, sodat
dit vir Plumer onmoontlik geword het om in direkte voeling
met Baden Powell, wat in Mafeking ingesluit was, te bly. Wel

8) K.G. 264/213.

9) Maurice III, p.186. Plumer had een 12 $\frac{1}{2}$ pponder Maxim-Nor-
denfeldt, 2 2 $\frac{1}{2}$ dm. voorlaaierkanonne en 2 .45 M.H.maxims.

10) Maurice III, p.186.

probeer hy met gepantserde treëne die druk op Mafeking te verlig, maar tog voel hy hom genoodsaak om sy grootste aandag te konsentreer op die driewe deur die Krokodilrivier regoor Tuli¹¹⁾.

Teenoor Plumer se mag wat deur die Boere self op ongeveer 1400 man geskat is¹²⁾, kon hulle oor omtrent 1700 man beskik. Maar hulle het geen kanonne gehad nie en was dus in 'n onvoordelige posisie. Geen wonder dat dadelik en herhaaldelik met die meeste aandrang 'n beroep op die Regering gedoen is om tog sonder verwyf geskut te stuur. Sonder kanonne ag die Krygsraad dit onmoontlik om die vyand aan te val¹³⁾.

In aanmerking moet verder geneem word die bodemgesteldheid van die strook weerskante van die Limpopo. Dis 'n dig begroeide boswêreld en so ruig dat dit 'n werklike hindorpaal was vir doeltreffende krygsoperasies. Dit het moeilik gegaan om die vyand oorkant die rivier te beken en om sy posisie noukourig vas te stel.

'n Ernstige belemmering was die waterskaarste. Die hele gebied suid van die Limpopo is sonder standhoudende water en destyds was die Limpopo self die enigste beskikbare water. Dit was teen die end van die droë seisoen en die wêreld was dor en droog. Die rivier was byna droog, net hier en daar was kuile water. Die beste water was naby die pont oor die rivier¹⁴⁾, maar dit was onder vuur van die vyand. Dis dus te verstaan dat 'n veilige suipplek vir die honderde perde

11) Daar was sewe belangrike driewe: (a) Baines'drif, ten weste van die samevloeiing van die Magalakwin en die Limpopo; (b) die samevloeiing van die Macloutsie en die Limpopo; (c) Pontdrif, waar 'n pont gedurende die reënseisoen gebruik is; (d) Rhodesdrif, iets meer oostelik en ongeveer 20 myl suid van Tuli; (e) die samevloeiing van die Shashi en die Limpopo; (f) Masibidrif, 25 Myl oos van Rhodesdrif; (g) Middeldrif, 15 myl oos van Masibidrif. (Maurice III, p.189)

12) Times IV, p.202; Leyds V.O. 709(2), p.186

13) Hierdie wens sou eers die 1ste November vervul word.

14) By Pontdrif, wes van Rhodesdrif. Pontdrif was die drif wat die meeste gebruik is. Die vrees het bestaan dat die drif deur die Engelse ondermyn was, maar dit is bevind dat die gerug onwaar was.

'n eerste vereiste was en tot 'n skermutseling met die vyand gelei het. Die doodskiet van 'n os deur die Engelse by die suipplek, kort na die aankoms by Rhodesdrif, noodsaak die Boere om oorkant die rivier 'n fort te bou vir beskerming van die water vir mens en vee ¹⁵⁾. 'n Paar dae later is dieselfde moeilikheid oorsaak van 'n tweede skermutseling, waarby aan Boerekant 'n paar burgers gewond word en deur hulle enige gevangenes gemaak word. ¹⁶⁾ Die Engelse verlaat die kamp naby die rivier en Briel is in staat om wagte bo en aan die voet van die koppie, aan die pont oor die rivier, te plaas ¹⁷⁾. Die burgers is tevrede met die uitslag: hulle het nou vaste voet aan die oorkant van die rivier te verkry en is gereed om verder op te ruk. As hulle net kanonne gehad het, sou die eintlike doel binne bereik gelê het: die opbreek van die spoorweg na Bulawayo en dan daarna die besetting van die stad ¹⁸⁾. self .

Op hierdie stadium was die moraal van die burgers uitstekend in weerwil van die toestand van die laers wat betref beskutting en voedselvoorsiening. Die organisasie was blykbaar nie in die haak nie. Party waens wat reeds by die laers moes aangekom het, was nog op pad. Klere, potte, panne en tente was skaars. Baie burgers moes maar 'n skuilplek onder 'n boom soek en dit was maar gelukkig dat die reënseisoen nog nie aangebreek het nie. Die toestand is so onbevredigend

15) R 610x/99; Leyds V.O. 709(2), p.157, d.d.20 Oktober 1899. Aan Engelse kant sneuwel twee man en ses kaffers. Van die Boere bly vier perde in die slag.

16) Leyds 709 (3), p.253. Burger Cloete verloor twee vingers; David Schalk Potgieter van Matibaskraal, wyk Rhenosterpoort, se regterbeen word afgeskiet en sy linkerbeen verbrysel, blykbaar deur 'n dum-dum-koeël. Die Engelse hau ses dooies, onder wie sersant-majoor Young (of Yonge) en kaptein L.D.Blackburn (Maurice III, p.190). Die Boere maak buitendien agt perde buit.

Vir die gebruik van dum-dum-koeëls, sien "Historiese Studies", Jaargang 3, No.2, bls.85, aant.77. Ook Dr.W.J. Leyds, Tweede Versameling, (Correspondentie 1899-1900), 's Gravenhage, 1930. Sien ook Bylaag.

17) Leyds 709(3), p.253. Die koppie is by die Boere bekend as Kremetartkoppie.

18) Leyds 709(3), p.254; R 479x/99.

a) volgens Vorster, volkstem van 30 Oktober 1899; R 467x/99; ook Leyds 709 (3), 259.

dat deur die Krygsraad besluit word om iemand na Pretoria af te vaardig om te probeer verbetering in die toestand te verkry; meer ambulanse, meer benodighede en tewens om toe te sien dat die kanonne so gou moontlik aangestuur word. Persoonlike aansoeke sou by die Regering meer gewig in die skaal lê, veral indien 'n man van invloed kon gestuur word.¹⁹⁾ .En son persoon was beskikbaar, nl. die heer B.J.Vorster, lid van die Eerste Volksraad, wat as adviseur aan die Noorder Hooflaer toegevoeg was²⁰⁾ .

Dieselfde dag vertrek Vorster na Pretoria waar hy 'n paar dae later aankom, en die President op die hoogte bring van die betreurenswaardige omstandighede waaronder die burgers moet lewe. Hy benadruk die dorre, droë klimaat, die skaarste aan gras vir die diere en skilder die toestande in die slegste kleure. Die enigste ligpunt is dat die burgers se moed nog ongeskok is en dat hulle met ongeduld wag op die beloofde kanonne²¹⁾ .

Deur die Regering word aan Vorster 'n simpatieke gehoor gegee. Vorster kry die versekering dat aan sy billike versoeke voldoen sal word, en keer sonder versuim terug na die Hooflaer waarheen hy weet dat die beloofde kanonne reeds op pad is²²⁾ .

- by R 479x/44*
- 19) R 681x/99^A De Volksstem van 1 November 1899.
- 20) Vorster, 'n gunsteling van die President, het tot September 1900 'n groot rbl in Zoutpansberg gespeel.
- 21) Vorster vertrek die 23ste Oktober uit die Hooflaer en kom die 28ste in Pretoria aan. (De Volksstem van 30 Oktober 1899. In 'n onderhoud met De Volksstem gee hy sy indrukke nan die toestand aan die Limpopo. In 'n omtrek van sewe uur te perd is geen groen blaartjie te sien nie. Die water is byna groen en ondrinkbaar selfs vir beeste. Die burgers grawe water in die sandgrond en voer die perde met blare van die bome. Duskant Krokodolrivier is die land vlak, maar aan die Britse kant is dit so ruig dat mens geen rook van gewaerskote kan sien. Dit is verskriklik warm; party dae is dit 108 grade in die koelte. Elke more en aand neem die burgers 'n bad in die rivier om die stof af te was. Die rivier kry meer water maar is nog nie vol genoeg om dit vir die krokodille moontlik te maak om hulle te vang! (De Volksstem van 30 Oktober en 11 November 1899.)
- 22) Op pad na Pretoria, tussen Pietersburg en die Limpopo, ontmoet Vorster vir kaptein Eloff met sy artillerie. R 681x/99^A Leyds 709(5), p.388.

by R 479x/44

Reeds voor Vorster in Pretoria aankom, het die Re-
gering aandag geskenk aan die herhaalde en dringende versoeke
om kanonne en is aan Kaptein Sarel Eloff van Johannesburg-
fort opdrag gegee om na Rhodesdrif te vertrek. Die 21ste
Oktober gaan hy op weg met Freiherr von Dalwig, dertig artil-
leriste en sewentig burgers van Johannesburg onder Kolonel
Ferreira. By hom het hy twee stukke grof geskut ²³⁾.

Oponthoud langs die pad is oorsaak dat Eloff eers
die 1ste November by die Hooflaer aankom ²⁴⁾, waar hulle met
groot gejuig verwelkom word ²⁵⁾. Intussen het ook Generaal
Grobler van hom laat hoor en die Komdt. van Polisie, S.P.
Grobler, met tagtig man en die beloofde kanon van Waterberg-
laer gestuur om hulle by te staan ²⁶⁾. Die Waterbergers het
juis die dag tevore hulle verskyning daar gemaak en die
kormandos is nou so versterk dat met die grootste vrymoedig-
heid 'n beslissende aanval op die vyand gemaak kan word.

Dieselfde middag kom die heer Vorster terug van
Pretoria en arriveer in die laer Adv.Sauer, assistent-staats-
prokureur, saam met Daniël du Preez, naturelle-kommissaris

- ^{dd. 21 Okt. '99}
- 23) K.G.333-242; K.G.264-250; K.G.333-298; Randpost van 1 Nov. '99.
Eloff was 'n kleinseun van die President. Hy is voorsien
van vyftien trollies met ses muile voor elk, en 'n ambu-
lanswa kompleet. Een van die twee maxims wat hy by hom
had was op Jameson buitgemaak.
- 24) Die 22ste Oktober kom hulle op Pretoria en twee dae later
is hulle gelaer aan Sandrivier naby Pietersburg. K.G.333-
582; Leyds 709(4), p.307.
Op Lastfontein, 'n paar myl suid van Kalkbank, hou Eloff
'n korte skietoefening, waarby hy "aan het schieten ging
alsof de gansche Engelsche armée voor hem was". R 2096x/
99; Randpost van 1 November 1899.
By Brakrivier aangekom word die muile flou en is dit
nodig om na die Hooflaer te stuur vir twee vars spanne
muile. Die spanne muile het onder Eloff se beheer gebly
wat later tot grote ontevredenheid en onenigheid tussen
burgers en artilleriste gelei het. R 1035x/99; R2096x/99;
De Volksstem van 2 November 1899.
- 25) De Volksstem van 11 November 1899. Een kanon-as was ge-
breek. Die kanon wat op Jameson buitgemaak was en waar-
van die gate van die Boerekoeëls nog in die wiele sig-
baar was, het nogal aandag getrek. Die praatjie het
gegaan dat Jameson op daardie tydstip in Tuli was en dit
sou dus interessant wees om Jameson met sy eie kanon te
bestoek.
- 26) R 2147x/99; Hy het die 22ste Oktober van die Waterberg-
laer vertrek. Hy was 'n broer van Genl.Grobler; Volksstem
van 6 November 1899.

van Rhenosterpoort. Berigte omtrent wanbestuur in die laer het Pietersburg bereik en die Landdroo van Pietersburg genoop om rapport daaromtrent by die Regering in te dien. Op sy versoek is Du Preez na die Hooflaer gestuur om vir agt of veertien dae die Kommandant met raad en daad by te staan ²⁷⁾, terwyl van die kant van die Regering Sauer eerstehandse inligtings omtrent die toestande in die laer moes versamel. Die loop van die gebeurtenisse sou bewys dat daar gegronde rede vir sodanige ondersoek en inderdaad ruimte vir verbetering was.

DIE WATERBERG-KOMMANDO.

In die afwesigheid van Genl. Grobler is Komdt. H.S. Lombard aan die hoof van die Waterbergers geplaas terwyl die heer F. Boshoff, lid van die Tweede Volksraad, as adviseur aan hom toegevoeg is. Sy opdrag was om naby die Limpopo laer te trek, maar toe Genl. Grobler van Zoutpansberg kom ²⁸⁾, om by die Waterberglaer aan te sluit, bevind hy dat omtrent niks van die aard gedoen is nie en dat landsake ondergeskik gemaak word aan persoonlike oewegings. Lombard en Boshoff is nog altyd bo aan Palala gelaer en weier beslis om hulle na die rivier te begewe, voorgewende dat dit daar te ongesond is. Aan instruksies van Genl. Grobler steur hulle hulle nie en die noodsaaklikheid om hulle aan die orders van hoër offisiere te onderwerp sien hulle nie in nie ²⁹⁾.

Genl. Grobler is dan ook met rede gebelg oor die

27) K.G. 264-406; Leyds 709(5), 391.

28) K.G. 344. Die 16de Oktober verlaat Genl. Grobler die Zoutpansbergers om hom met sy 200 man van Wyk Zwagershoek na Slypsteendrif (Selikasdrif) te begewe. Hy ontmoet die Waterberglaer op 17 Oktober by Klein Magalakwinsoog. Die volgende dag trek hy na die Palalarivier en dan verder langs hierdie rivier af na Krokodilrivier waar die Engelse volgens berigte wil deurtrek. Die gerug was egter van waarheid ontbloot. Sowat agtien myl hoër op was Lombard se laer.

29) R 2940x/99. Die feit dat Lombard Grobler se teenstander in die Kommandantsverkiesing was, verklaar ten dele Lombard se houding.

houding van sy ondergeskikte offisiere. Hy voel gegrief dat hulle hom nie as Ass.Komdt.Genl. wil erken nie en dat hulle hom al die moontlike in die weg lê om sy instruksies na behore uit te voer. Sulke handelinge verslap noodwendig sy hande en mens kan verstaan dat dit 'n nadelige uitwerking op die dissipline van die burgers moes hê. Met die Zoutpansbergers was gereël dat hy met 'n gedeelte van Waterberg-kommando die rivier naby die grens Waterberg-Rustenburg sou oorgaan; die spoor-en telegraaflyn sou dan opgebreek word en alles voor hom skoongemaak word tot waar hy die Zoutpansbergers, wat ewese langs die rivier en aan die oorkant sou opkom, sou ontmoet. ³⁰⁾ Maar nou is al sy planne die bodem ingeslaan. Dit kom by hom op om dan maar volgens krygswet te handel en op homself te handel, maar hy deins vir die verantwoordelikheid terug en versoek daarom van die Kommandant-Generaal bevel ³¹⁾ "in geschrifte" .

Die Regering is egter ontevrede en teleurgesteld. Genl.Grobler se instruksies was duidelik genoeg. Sodra oorlog verklaar was, moes hy onmiddellik met al sy manne en die van ^u Zoutpansberg opruk om dadelik oor die lyn te gaan, die spoorweg tot Buluwayo op te breek en te vernietig, alle blankes vanuit Buluwayo terug te bring, alle troepestasies te vernietig, in kort die land skoon te maak. In die uitvoering daarvan moes hy sy eie diskresie gebruik, in oorlog met ander offisiere handel en doen wat sy hand sou vind om te doen ³²⁾ . Gedurende al die tyd moes hy in verbinding met Genl.Cronjé op die Westergrens bly en in die oog hou dat dit vir laasgenoemde van die grootste belang was dat die spoorweg in die rigting van Grobbelaarsdrif en Slypstaendrif so spoedig moontlik moes opgebreek word om te verhinder dat versterkings na Mafeking sou kon aankom ³³⁾ . Aan sy versoek om 'n bevel "in ge-

30) R 2940x/99; Leyds 709(4), 293.

31) Leyds 709(4), 293; 709(2), 144.

32) Leyds 709(2), 144.

33) Leyds 709(2), 144.

schrifte" kan dus nie voldoen word nie. Immers, hy is "gemagtig eiemagtig" to handel en het daarom geen skriftelike instruksies nodig nie. Die regering hoop dat daar geen verder versuim of verskil sal wees nie. 34)

"Laten officieren en burgers verstaan dat behalwe Gods straf daarop onder de krygswet of zeer zware straffen op ongehoorsaamheid rusten".

Genl. Cronjé is ewemin in sy skik met die vordering wat tot dusver gemaak is. Hy moet in die rug beskerm word en daarvoor dien Genl. Grobler. Inpleks daarvan bly die Waterbergers waar hulle is en bou die Zoutpansbergers forte, Hy kla dan ook by Genl. Joubert oor die "swak gedrag" van die Noordelike kommandos en van laasgenoemde kry Genl. Grobler 'n aanmaning om tog spoedig van hom te doen hoor en sy bes te doen,

"want als wy niet spoedig en eendrachtig samenwerken zal ons werk schipbreuk lyden". 35)

Die wêreld word moeilik vir Genl. Grobler, maar tog beskerm die regering hom. Aan Boshoff en Lombard word kennis gegee om na Pretoria te kom en die heer Jan du Plessis de Beer, Lid van die Eerste Volksraad word as Waarnemende Kommandant in Lombard se plek aangestel om in samewerking met Genl. Grobler onmiddellik stappe te neem tot die nakom van sy pligte. 36) Intussen het sake 'n sodanige wending geneem dat Genl. Grobler dit onnodig geag het om Lombard te laat gaan 37)

Die spoorweg Mafeking-Buluwayo wat van soveel strategiese belang was vir sowel die Boere as die Engelse, het onder Britse beheer gestaan, terwyl die gebied waardeur Genl. Grobler moes trek om in besit van hierdie spoorweg te kom, deur Khama se volk bewoon was. Die naturelle was deur die Engelse bewapen juis met die doel om dit te verhinder en

34) K.G.333-545; K.G.264-333.
35) Leyds 709(2),189; Leyds 709(2),124.
36) K.G.264-327; K.G.333-642.
37) C.R.8278/99, d.d.31 Oktober 1899.

aangesien die Regering dwarsdour die oorlog botsings met die natuurlike probeer vermy het, het Genl.Grobler hier voor 'n besondere moeilikheid te staan gekom.

Genl.Grobler probeer die moeilikheid te omsoil deur van Khama formele toestemming te verkry om deur sy gebied te mag trek. Die versoek is egter in die vorm van 'n kennisgewing. Genl.Grobler waarsku hom teen deelname in die stryd tussen die blanke rasse en belowe hom dat sy volk ongehinderd sal bly indien hy hom stil en rustig sal gedra.

Ongelukkig is Genl.Grobler nie die regte man om met Khama te onderhandel nie, aangesien hy persoonlik op slegte voet met Khama gestaan het ³⁸⁾. Sy brief het derhalwe nie die minste uitwerking op Khama se gesindheid gehad nie en 'n mens kan aanneem dat goeie raad van Engelse vriende nie ontbreek het nie. Drie dae later kom Khama se antwoord. Hy gee voor dat daar in sy land geen Engelse is om te beveg nie en verklaar dat hy met alle mag die Boere sal weerstaan indien hulle dit durf waag om sy land binne te trek ³⁹⁾.

Moontlik is Genl.Grobler innerlik bly. Direkte gevaar vir Waterberg is daar nie; die Engelse is ver van die grens; van Selikasdrif tot by die spoorweg is ongeveer vyf-en vyftig myl en die land wat hy moet deurtrek is 'n ware dorsland. Waarom nog langer daar te bly? Khama se antwoord gee die deurslag. Zoutpansberg roep; die vyand is daar naby en - sy besluit⁵ is geneem. Die 31ste Oktober is hy met 'n perdekommando van honderd man op weg na Zoutpansberg, waar hy die 8ste November hoop aan te kom ⁴⁰⁾. Weens die slegte veld gaan die trek egter stadiger as wat hy verwag het, sodat hy eers die 12de November Rhodesdrif bereik ⁴¹⁾.

38) K.G.264-671. Sien ook noot 5).

39) CR.8277/99 met Bylaag B. Sien ook Bylaag III, bls.70.

40) R 1801x/99; C.R. 8278/99, d.d. 31 Oktober 1899.

41) R 1497x/99; Leyds 710 (4), 378.

H O O F S T U K III

T u l i

Gedurende die tydperk van werkeloosheid het die Engelse troepe die geleentheid gehad om Tuli, die sleutel van Rhodesië, te versterk. Geleë aan die noordelike oewer van die Shashi-rivier en in 'n verwaarloosde toestand¹⁾, is dit deur die Engelse omskep in 'n sterk van klip geboude fort. Deur die omringende digte bosse is 'n nou pad na die voorposte aan die Krokodilrivier gekap, terwyl in 'n omtrek van omtrent duisend tree die grond van bome skoongemaak is om 'n vry uitsig te hê²⁾ op 'n aankomende vyand. Die fort is deur die Boere as besonder sterk beskou. Was eenmaal die fort in Boerehande, dan was daar geen onoorkomelike hindernisse meer tussen die fort en Buluwayo nie. Wel was aan die Macloutsie en elders nog vyan-delike afdelinge gestasioneer, maar sonder Tuli was hulle waardeloos.

Die eerste doelwit van die Boere was die rivier-stellings; hulle vernietiging sou die pad baan vir 'n direkte aanval op Fort Tuli. Na die aankoms van die grof geskut is dan ook met so min moontlik versuim alles in gereedheid ge-bring om hierdie doel te bereik.

Vroeg in die more van die 2de November trek 'n sterk kommando van ruim vyf honderd man onder aanvoering van Wd. Ass.Komdt.Genl.Van Rensburg, en begelei deur die Artillerie³⁾ die rivier deur om die vyand uit sy stellings te verdryf. Vir die doel word die kommando in twee dele gesplits: die een deel met die op drag om die kamp by Kremetartkoppie te neem,

1) Kronieke van Noordelike Transvaal, p.102.

2) Leyds 710(7),607.

3) Vir die geveg op 2 November: R 1125x/99 en Leyds 710(1)89; R 1192x/99, Leyds 710(2)155 en K.G.334(5),345; R 1225x/99; R 1198x/99, Leyds 710(2)175 en T.B.1642/99; R 1626x/99; R 1622x/99 en R 2365x/99; R 1320x/99 en Ra 6764/99 by Leyds 672. Randpost van 10 November 1899. De Volksstem van 6 en 13 November 1899. Die meeste R stukke by R 479x199 en R 1541x199. Times IV, p.203; Maurice III, p.191, v.v.

die ander en sterkste deel om 'n aanval te loods op die ver-
 skanste posisies naby Brice se winkel, ongeveer vier myl
 noord van die drif⁴⁾.

By Kremetartkoppie word die Engelse mag onder Kol.
 Spreckley, wat na skatting uit 150 man bestaan het, van twee
 kante aangeval en na 'n kort maar hevig geveg word die Engelse
 verplig om op te hou met vuur. Spreckley se posisie is nou
 hopeloos, maar weens die feit dat juis op hierdie oomblik
 75 man onttrek moes word om as versterking vir die ander afde-
 ling te dien, kon die behaalde voordeel nie uitgebuit word
 nie. Aan Spreckley word sodoende die geloenheid verskaf om
 gedurende die nag langs 'n omweg te ontvlug. Gedurende hierdie
 geveg sneuwel die eerste twee burgers van die Zoutpansberg-
 kommando⁵⁾.

Die tweede gedeelte van die kommando raak inmiddels
 slaags met die Engelse by Brice se winkel. 'n Kort rukkie van
 te vore was daar juis 'n konvooi van 'n agttal waens vir
 Spreckley aangekom met 'n eskort van ses-en-twintig man. Die
 Engelse moet al gou die onderspit delf. Kaptein Hatherick met
 ongeveer tien man en 'n predikant⁶⁾ word krygsgevangene gemaak,
 terwyl die res ontvlug na Tuli. Die buit was aansienlik⁷⁾.

-
- 4) Die eerste deel, sterk 210 man, het gestaan onder Wd. Komdte Tom Kelly en J.L.H. du Preez. By hulle was Komdte van Politie S.P. Grobler met sy snelvuurkanon. Die ander deel, sterk 300 man, was onder aanvoering van Vk. Briel en Vk. Alberts en vergesel van 'n deel van die Zoutpansbergse Politie onder sersante Celliers en Lee. Hierby was ook Kaptein Eloff met die Staatsartillerie.
- 5) Gert Jacobus van der Merwe van wyk Marabastad en H. Bong, 'n Duitser van wyk Spelonken. Na die opsteek van 'n wit vlag deur die Engelse hou die Boere op met vuur en stel hulself bloot, waarop nulle dodelik getref word. Hierdie voorval gee aanleiding tot die neem van beëdigde verklarings. Die stukke word opgestuur na Pretoria en die Regering dien by die Engelse Regering protes in. Vanuit Europa vestig Leyds die aandag op 'n aanhaling uit "Het Oorlogsrecht" van J.J.C. de Beer Poortugael: Met het vertoonen van de parlementaire vlag benoeft de tegenparty niet altyd het vuur te doen staken. Vgl. Leyds, Tweede Verzameling (Correspondentie 1899-1900. Van Engelse kant word geen melding van hierdie insident gemaak nie. Kyk ook Bylaag IV, bls. 71.
- 6) Rev. Leary, later na Pretoria gestuur en uitgeruil teen Ds. Stoffberg. K.G. 335(2), 154.
- 7) 80 perde, 100 muile, 18 osse, 7 waens en 'n ambulanswa.

Die Boere was nou in besit van al die rivierstel-
lings en die weg na Tuli, ongeveer twee uur te perd hiervan-
daan, was oop. Geen wonder dat die Wd.Genl. die kans skoon
sien om nog dieselfde middag op te ruk na Tuli. Dit was ook
wat die Engelse verwag het ⁸⁾, maar ongelukkig het dit slegs
'n voorneme gebly. Wanorde, gebrek aan dissipline en lafhar-
tigheid het die hele plan in duie laat val en die oorwinning
op 'n fiasko laat uitloop.

Kort na die geveg vind 'n tiperende voorval plaas.
Stofwolke in die verte laat vermoed dat 'n aansienlike vyand-
delike mag in aantog is om te trag die verlore posisies te
herwin. Sonder om behoorlike ondersoek in te stel, slaan 'n
groot deel van die kommando, nog wel onder leiding van 'n
veldkornet, ⁹⁾ oorhaas op die vlug met agterlating van die
kanonne. Met moeite geluk dit tenslotte om genoeg vrywilli-
gers bymekaar te kry teneinde in elk geval die kanonne in
veiligheid te bring! ¹⁰⁾ Gelukkig maar dat die vyand in onkunde
omtrent hierdie verwarring was!

Nie die burgers was te blameer nie, maar wel sekere
offisiere. Die leiding het veel te wense oorgelaat. Dit het
Wd.Genl. Van Rensburg, hoewel bekwaam en dapper, aan die
nodige gesag ontbreek om sy orders te doen uitvoer. Dit was
hier 'n geval van "soveel hoofde, soveel sinne". Elkeen het
gedoen wat goed was in sy eie oë. Indien dit die geval met
die offisiere was, is dit nie te verwonder dat moedeloosheid

8) Maurice III, p.192.

9) Vk.A.Z.A.Briel, deur die Boere na hierdie episode die
Vlug-Veldkornet genoem. B.H.Dicke dig daarop 'n parodie op
die Transvaalse Volkslied soos volg: Kent gy den Veld-
kornet die vlug? Barst daar een bom loop hy terug. Een
sprinkaanwolk vervult zyn hart met schrik. Hy jaagt terug
met angstige blik. Ek ben gekomen om te vechten. Vooruit!
Vooruit! Vooruit! Ziet gy daar ginder sprinkaanwolke? Kom
terug! Retireer! Ach terug! Zaal op! Kom terug! Zaal op!
Kom terug! Ach toe! Alseblief toch kerels! Kom terug!
(Krause) Die s.g.stofwolke was 'n swerm sprinkane!
Deur Genl.Beyers later van sy pos onthef, garn Briel in
diens van die vyand. (Vechten en Vluchten, p.233)

10) Volksstem van 29 November 1899; Leyds 710(2),180; ook:
R 1225x/99 by R 1541x/99.

hom van die burgers meester gemaak het nie, en dat party die kommando verlaat het.

Gerugte dat sake nie na wens vorder nie het Pietersburg bereik en dringende versoeke om verandering is na Pretoria gestuur. Ongelukkig het die Regering die moed gomis om met krag op te tree en die wederstrewige elemente van hulle poste te onthef ¹¹⁾. Wel is deur verskillende invloedryke persone pogings in die werk gestel om die toestand te help verbeter, maar met negatief resultaat. Daar was die heer J. Heystek, landdros van Pietersburg ¹²⁾, en Krygskommissaris J. van Soelen ¹³⁾; daar was Adv. Sauer ¹⁴⁾ en Naturelle-kommissaris D. J. du Preez ¹⁵⁾. Selfs adviseur Vorster kon nie orde in die chaos skep nie ¹⁶⁾, en nog steeds was Genl. Grobler, die eintlike hoof, afwesig.

Aan die hand is selfs gegee om 'n persoon van 'n ander distrik te stuur met die volmag om te handel en sake het naderhand so onhoudbaar geword dat die Regering oorweeg ¹⁷⁾ het om aan die voerstel gehoor te gee.

In die algemene verwarring wat op die geveg van die 2de November gevolg het, verloor Van Rensburg ook nog 'n stuk grof geskut. Komdt. van Polisie, S. P. Grobler is nie geneë om langer by die Zoutpansbergers te versuim nie, en vertrek, sonder toestemming van Van Rensburg weer met kanon en manskappe na Waterberg-laer om aan te sluit by Genl. Grobler wat

- by R. 154x/99;
- 11) R 1225x/99; ook Leyds 710(2), 163 en 180; R 1229x/99, ook Leyds 710(3)201. Rapport van Heysteken Van Soelen.
 - 12) "A good honest simple man who only blundered when he did so through ignorance" (Krause).
 - 13) Krause se skoonvader. Beide here is deur sommige offisiere as "engelsgesind" bestempel, 'n onverdiende aantygning.
 - 14) Sien bl. 17.
 - 15) Ex-Kommandant Du Preez was "a man with brains but with no enthusiasm for our cause" (Krause).
 - 16) R 1198x/99; ook Leyds 710(2), 175. Gedurende die geveg was Vorster in die laer, maar siek "aan de maagziekte".
 - 17) T.B.1633/99; T.B.1838/99 by R 154lx/99. Die Regering het oorweeg om Komdt. David Schoeman te stuur, maar nadat hy verneem dat Genl. Grobler self op weg is na die laer om sake onder beheer te neem, besluit hy dat dit nie meer nodig is nie.

na hy meen, nog by Selikasdrif vertoef ¹⁸⁾.

By al die wanorde wat in die laer heers, is die vertrek van die Komdt. van Polisie 'n ernstige terugslag wat die wankelmoedigheid nog vergroot. Verdeelde opinies heers reeds omtrent die wenslikheid van 'n voortsetting van die oorspronklik geslaagde operasies in die rigting van Tuli en die mening dat dit onraadsaam is kry naderhand die oorhand. Op 'n krygsraadsitting word vervolgens besluit om die toestand viereers so te laat bly en meer geskut te probeer verkry. Adviseur Vorster, saam met kaptein Eloff, word daartoe vir 'n tweede maal na Pretoria afgevaardig ¹⁹⁾.

Tydens sy afwesigheid kom op Sondag 12 November Genl. Grobler met 100 Waterbergers in die laer aan, terwyl nog 200 man, met inbegrip van die Komdt. van Polisie Grobler wat hy op pad ontmoet het, agterna kom ²⁰⁾. Die generaal is moeg; die trek deur die "woestyn", die landstreek sonder gras en water, het mens en dier ooreis en hy is oortuig dat hy meer gedoen het as wat enig ander in dieselfde omstandighede kon volbring het en

"ik ook nooit in myn leven zoo getrokken heb" ²¹⁾.

Sy aankoms bring groot verligting in die laer. Eindelike sal deurtastende maatreëls geneem word. Dit word hoog tyd; die reënseisoen met sy koors en perdesiekte is naby

-
- 18) R 1626x/99; R 2147x/99; Volksstem van 13 November 1899. Grobler vertrek die 5de November. Hy gee voor dat op Sondag krygsraad gehou word om oor gemaakte buit te besluit i.p.v. godsdienst te hou en dat krygsraadbesluite nie uitgevoer word nie. Verder beweert hy dat die orders van Genl. Grobler gelui het om na Rhodesdrif te gaan "vir 'n versterking of 'n terugkering" en dat hy te dien opsigte sy eie diskresie kon gebruik. Dit was egter maar 'n ekskuus; hy het hom nooit veel aan orders gesteur nie.
- 19) R 1198x/99; Leyds 710(2), 175; R 1534x/99; R 1404x/99; Leyds 710(4), 341. Krygsraadbesluit van 8 November. Die 11de is Vorster op Pietersburg en nadat hy die Regering op die aand van die 12de ontmoet het, is hy die 14de weer terug op Pietersburg.
- 20) R 1497x/99; ook Leyds 710(4), 378.
- 21) ~~R 1501x/99; ook Leyds 710(5), 438.~~ Hy is sat van Genl. Cronjé se aanmanings, klagte en verwyte. Hy kan ook geen yster met hande breek nie en indien iemand anders meer kan doen, sal hy graag sy plek afstaan.

en 'n aantal burgers dreig om weg te gaan ²²⁾. Nog dieselfde dag word krygsraad gehou en besluit om die volgende dag die water vier myl suid van Tuli "vast te leggen", en as die kanonne wat Vorster gaan haal hot, aankom, sal met Fort Tuli self afgereken word ²³⁾.

Die krygsraadbesluit is geneem maar ongelukkig het die uitvoering daarvan agterweë gebly. Die generaal begin te weifel. Twyfel of hy sal slaag kom by hom op. Die plan is wel om Tuli aan te val en te neem "so God wil", maar sy perde is nou baie swak deur sy trek na Rhodesdrif. Indien hy nou verhinder word om Tuli te neem deur watter omstandighede ook al, moet hy weer terugkeer na die rivier om vir sy diere water te kry. Reën dit, dan word hierdie moeilikheid wel opgelos, maar dan sal die heersende koors onder die burgers veel meer toeneem en sal 'n ramp nie uitbly nie ²⁴⁾.

Al hierdie oorweginge laat Genl.Grobler vir die verantwoordelikheid terugdeins en hy besluit om die aanval uit te stel. Intussen stuur hy aan die Regering 'n uitvoerige rapport waarin hy sy planne en besware medeel. Hy hoop dat die Regering hom skriftelik sal laat weet of hy moet deursit of nie ²⁵⁾. Aan afstel dink hy nog nie; moontlik kry Vorster 'n paar stukke geskut saam; versterkings van Waterberg is op koms en miskien sal die Regering hom klaarheid gee ²⁶⁾.

Terwyl Genl.Grobler op twee gedagtes hink, kom daar belangrike nuus. Die 18de November bereik Genl.Grobler 'n telegram van die Regering waarin hy bevel word om geheel en al van die aanval op Fort Tuli af te sien. Genl.Grobler sien hierin die oplossing van al sy moeilikhede; vir die burgers is dit

22) Volksstem van 16 November 1899. "hulle is moeg van onder die bome te lê en mieliepap te eet".

23) Leyds 710(4), 387; Maurice III, p.192: Genl.Grobler "came with a vigorous conception".

24) Leyds 710(7), 599.

25) R 1541x/99; ook Leyds 710(5), 471; R 1801x/99. Rapport van Kapt.Jooste van die rapportgangers.

26) Leyds 711(1), 51; R 1543x/99; ook Leyds 710(5), 486.

27) 'n skok. Die Regering het egter nie aillokourig te werk gegaan nie, maar inteendeel gegronde redes vir hierdie belangrike besluit aangevoer.

Berigte het ingekom dat 'n groot vyandelike mag deur die Kaapkolonie die Vrystaat wil aanval om Kimberle y te ontset en aangesien volgens betroubare informasie daar nie baie troepe in Matabeleland is, is dit duidelik dat die stryd in die Kaapkolonie moet uitgeveg word. Buitendien is na meer as 'n maand van oorlogvoering nog so goed as niks deur die Noordelike kommandos uitgerig nie. Omstandighede soos droogte, maerte van perde en die dreigende houding van die naturelle het dit helaas onmoontlik gemaak. Dis daarom dat aan Genl. Grobler opdrag gegee word om van Tuli af te sien en aanvallende optrede uit te skakel.

Aan die Zoutpansberg-en Waterbergkommandos word nou 'n ander taak toevertrou; voortaan moet hulle verdedigend te werk gaan en uitsluitlik die grens bewaak. Vir hierdie doel is sewentienhonderd man te veel en die Regering wens dat vyf à ses honderd man afgesonder sal word om met die meeste spoed na Grootrivier te vertrek. Die oorblywende twaalf honderd man word aangesê om op drie gesonde, geskikte en sentrale plekke laer te trek, met Genl. Grobler in bevel van die middelste laer .

28) Genoemde drie kommandos moet gereeld die grens patrolleer, met elkaar in verbinding bly en saamwerk indien die vyand 'n inval maak, wat die Regering egter hoogs onwaarskynlik ag. Die Westelike kommando moet in kommunikasie bly

27) Die besluit is deur die Regering geneem voor Jooste se rapport die Regering bereik het.

28) Ssa, 349 (T.B. 807/99). Die verdeling was as volg: 400 man aan die punt van Zoutpansberg naby die Zoutpan met 'n bergkanon en 2 klein maxims, onder bevel van Wd. Komdt. D. J. du Preez. 400 man in die nabyheid van Palala met 'n groot maxim, 'n 8 cm. kanon en die orige klein maxims. Genl. Grobler sal in bevel wees. Die orige 400 man slaan laer op tussen Matlabas en Magolriviere met 'n bergkanon en 2 klein maxims. Hulle sal staan onder Wd. Komdt. J. du Plessis de Beer.

met die wag van Derdepoort wat ongeveer 100 man sterk is, terwyl die Polisie van Komdt. S.P. Grobler saam met die perdokommandos die wag langs die Limpopo moet hou ²⁹⁾.

Hierdie uitvoerige instruksies soos deur Genl. Grobler op die 18de November boreik, word onmiddellik deur hom uitgevoer. Hy kan 'n sug van voorligting slaak. Die las van te moet besluit is van sy skouers afgewentel en die gevare van 'n terugslag bestaan nie meer nie. Verdedigende optrede pas hom beter en die gedagte van terug te gaan na Waterberg lok hom aan. Hy is toegewend genoeg om die maksimum aantal burgers af te staan. Van Zoutpansberg-kommando laat hy Komdt. Van Rensburg vertrek met 400 man en soveel veldkornette ³⁰⁾ as moontlik, terwyl Komdt. Lombard van Waterberg met 200 man sal gaan.

Oënskynlik is dus alles in die haak, maar Genl. Grobler het buiten Vorster gereken. Tydens laasgenoemde se besoek in Pretoria kry hy die versekering van die nodige addisionele geskut en die belofte van 'n telegrafiese verbinding tussen Pietersburg en Rhodesdrif ³¹⁾. Hoogs tevrede en voldaan kom hy in Pietersburg terug en verneem daar die nuwe besluit van die Regering. Mens kan sy gemoedsstemming indink. As adviseur is hy nie op die hoogte gestel van die nuwe verwickelinge nie en sy advies is nie gevra nie. Hy is teleurgesteld, ontevrede en kwaad. Al sy bemoeiinge verniet en sy hoop op sukses die bodem ingeslaan. Inpleks van die beloofde kanonne, opgee van al die posisies. Hy dink aan die gevolge wat dit moet hê en aan die indruk wat dit by die naturelle moet verwek. Hulle sal dit aan lafhartigheid toeskryf en hulle deur die vyand laat inprent dat die Boere vir die Engelse gevlug het. Die Engelse

29) Genl. Cronjé dra die bevel by Mafeking oor aan Veggeneraal Snyman, terwyl hy self met die beskikbare manskappe na Oranjerivier vertrek. Ssa, 349.

30) W.o. Vk. J.L.H. du Preez, op voordrag van Landdros Heystek. Die landdros neem nou die kans waar om van Vk. du Preez ontslae te maak. R 1631x/99; ook Leyds 710(6), 519.

31) R 1981x/99 by R 1541x/99.

kry nou vry spel en dit sal hulle in die

"gemeenheid van hun politiek sterken, nl. om de kaffers nu tegen ons op te ruien" 32).

Maar miskien is dit nog nie te laat. Hy sien 'n ander uitweg om sy hoogmoed nie die nederlaag te laat ly nie. Hy doen 'n beroep op Kommandant-Generaal Joubert en versoek hom om die Noordelike Hooflaer tog toe te laat om hulle oorspronklike krygsplan ten uitvoer te bring. Hy wys op die "aller-vreeslikste" gevolge wat die verlatting van Rhodesdrif sal meebring en besig sodanige argumente dat Genl. Joubert oortuig raak van die gegrondheid van Vorster se argumente. Hy laat hom verbid, gee die Regering kennis van Vorster se versoek en antwoord dat hy hom volkome met Vorster se sienswyse kan verenig 33).

Vorster het sy sin gekry. Uit die aard van die saak is die Kommandant-Generaal die hoof van die krygsmag en is sy bevele wet. Vir die Regering, in hierdie geval die President, bly daar niks anders oor as om te swig vir die Komdt. Genl. se beslissing.^{ne} Die 18de November word Genl. Grobler in kennis gestel dat die Regering dit aan sy Krygsraad en adviseur oorlaat om te beslis of hulle Tuli sal neem of wel hulle met die plan van die Regering sal verenig 34).

Maar aan die President se gesag is te kort gedoen 35) en die President is soscer oortuig dat sy sienswyse die regte is dat hy hom verplig voel om Genl. Joubert daarmee op hoogte te bring. Hy som al die redes op wat hom tot son stap doen besluit het en hy hoop dat Genl. Joubert hiermee sal instem.

32) R 1614x/99; ook Leyds 710(6), 516.

33) R 1812x/99; ook Leyds 710(6), 525.

34) Leyds 710(7), 600. Die telegram bereik Genl. Grobler eers die aand van die 20ste. Die Regering glo dat Genl. Grobler wel aan sy kant sal staan. Immers, die krygsraad moet nou beslis en dis juis son beslissing waarvoor Genl. Grobler altyd terugdeins! Buitendien het Genl. Grobler se rapporte intussen aangekom.

35) T.B. 1733/99; ook Leyds 710(6), 546. Vorster kry 'n skrobbering. Sy inmenging veroorsaak net verwarring. Die Regering het wel deeglik sy sienswyse in aanmerking geneem, maar meen daarvan te moet verskil en glo dat Genl. Grobler dit met hom eens sal wees.

Genl.Joubert word ernstig op die hart gedruk om tog sorgvuldig oorweging aan sy telegram te skink. "Hoort toch ditmaal naar my"³⁶⁾.

Genl.Joubert gee in: dis nie 'n saak waaroor daar meningsverskil behoort te bestaan nie. Alhoewel hy meer van Zoutpansberg- en Waterberg-kommandos verwag het en hulle reeds in Buluwayo moes gewees het, sal dit, soos sake nou staan, vir hom dwaasheid wees om verder op sy krygsplan aan te dring. Hy laat daarom alles verder aan die Regering oor. So kry die Re-³⁷⁾gering weer vryheid van handel, maar die verwarring is gestig.

----- Middelerwyl is Vorster op pad na die Hooflaer. Nadat hy Genl.Joubert se toestemming verkry het, voel hy dat sy teenwoordigheid daar dringend vereis word. Hy ken die toestan- de daar mos al te goed en weet dat hulle geneig is tot afstel en dit wil hy verhoed. Langs die pad ontmoet hy vir Sauer wat na Pretoria gaan. Hy haal l.g.tot sy sienswyse oor en laat hom belowe om ook by die Regering sy gewig in die skaal te lê ten gunste van 'n aanvallende optrede.

In Pietersburg aangekom hoor Sauer dat die Regering inderdaad nadere instruksies te dien opsigte gegee het. Hy weet ewewel dat Genl.Grobler reeds orders tot opbreuk gegee het. In 'n draadgesprek³⁸⁾ met die President wys Sauer daarop dat dan die ses honderd man teruggeroep moet word of anders moet die generaal drie weke wag op die aankoms van ander burgers wat opgekommandeer moet word. Sauer se bemoeiinge loop egter op niks uit nie. Hy het geen helder begrip van sake nie en die President oortuig hom dat die Regering die beste voor het. Ook is Genl.Joubert van sienswyse verander. Dus een van twee: of met die gehele mag Tuli aanval, of die plan van die Regering

36) Leyds 710(7), 607.

37) R 1795x/99. 'n Mens kry hier 'n duidelike voorbeeld tot wat- ter ondoeltreffendheid 'n tweehoofdig (sien Inleiding) bestuur moet lei.

38) Dit was nog voor die dae van die telefoon en gesprekke moes nog oor die draad getik word.

39)
presies opvolg .

Vorster kom die 19de November in die laer aan en merk dat hy te laat is: reeds is die ses honderd man op weg. Hy doen verslag van sy sending na Pretoria en beklemtoon die oorspronklike sukses van sy sending. Bitter teleurgesteld as hy is, soek hy 'n verklaring vir wat gebeur het. Hy spreek die vermoede uit dat die landdros van Pietersburg 'n hand in die saak gehad het en blameer die siviele amptenare⁴⁰⁾. Die offisiere vind dit heeltemal aanneemlik en saam met Vorster voel hulle diep gegrief⁴¹⁾.

Aan Genl.Grobler word hiermee 'n uiters geskikte geleentheid verskaf om alle verantwoordelikheid van hom af te skuif en op die Regering te wentel.

"Het is spytelyk dat UEd. op advies van siviele ambtenaren zonder my of myne adviseurs te raadplegen gehandeld hebt".⁴²⁾

So gemaklik kom Genl.Grobler egter nie daarvan af nie. Die Regering wys hom daarop dat hy juis op sy eie rapporte gehandel het. Dit spyt die Regering dat hy sulke opmerkings durf maak. Die Regering werp alle blaam deur Genl.Grobler op hom gewerp van hom af en verwag dat die generaal in die vervolg versigtiger sal wees om nie onverdiend die Regering te beskuldig nie⁴³⁾.

-----Met die terugtog word nou voortgegaan. Die kampe oorkant die rivier word opgebreek en die Noorder Hooilaer word opgesplits. Ook die seksie wielryders wat rapportdiens

t

-
- 39) Draadgesprek tussen die President en Sauer, 21 November 1899. Gelukkig vir Genl.Grobler kom hy nie voor die keuse te staan nie, want die berig dat dit aan sy diskresie oorgelaat word, bereik hom eers die aand van die 20ste, toe party burgers al weg was en skikkings vir die verdeling van die kommandos al getref was. R 1805x/99 by R 1541x/99.
- 40) Sien bls.18, en bls.25, noot 11 en 13. Ook later het daar dikwels botsings tussen Vorster en Hoystek plaasgevind. Vorster "wanted to "break the neck" of the landdrost" (Krause,
- 41) R 1981x/99. Dis te betwyfel of die grief werklik geneend was!
- 42) R 1805x/99.
- 43) Leyds 711(2),179.

tussen Pietersburg en Rhodesdrif gedoen het, is opgehef⁴⁴⁾ .

Die 22ste November is die Kommandantskap Zoutpans-
 berg gedeeltelik terug in Pietersburg en tussen 26 en 30 Novem-
 ber vertrek Komdt. Van Rensburg met ruim 3.00 burgers na Genl.
 Cronjé by Norvalspont⁴⁵⁾ .

Van die Kommandantskap Waterberg is ongeveer 250 bur-
 gers die 29ste gereed om van Pietersburg na die front te gaan,⁴⁶⁾
 terwyl Kaptein Eloff en Luit. von Dalwig met manskappe en
 artillerie op dieselfde dag vertrek⁴⁷⁾ .

 Tuli was definitief van die baan. Die vraag is egter
 of dit 'n stap in die regte rigting was. Die argumente van die
 Regering was sonder twyfel meer steekhoudend as die van Vorster.
 Tog kan die kwessie ook in 'n ander lig beskou word.

Vanuit 'n militêre oogpunt was die val van Tuli seker.
 Die Engelse kon met die mag tot hul beskikking Tuli nie verdedig
 het nie en die besetting van die fort sou gelei het tot die
 beheer oor die Baetsjoeanalandse spoorweg⁴⁸⁾ . Vir die Noordelike
 kommandos sou dit 'n verhoogde prestige meegebring en vir die
 burgers op die ander fronte 'n riem onder die hart gesteeke het.

Soos sake nou was, is honderde burgers maandelang
 tot betreklike werkeloosheid gedoem, wat 'n ernstige verswakking
 van die moraal tengevolge gehad het. Eers na die koms van Genl.
 Beyers is dit tot 'n mate herstel en het 'n nuwe oplewing gevolg.

 339.

44) K.G.335(4), 314. Krause was sinds lang al nie meer hoof van die rapportdiens nie. Volgens hom is hulle ook gebruik vir die aflewering van private korrespondensie en daarvan was hy nie gediend nie.

45) K.G.335(4), d.d.23 November 1899. K.G.335(6), 505.

46) K.G.335(4), 314. Komdt. Lombard was nie hierby nie, want hy was sinds die 21ste reeds "tuis" op sy plaas. Leyds 711(2), 110.

47) R1905x/99 by R 1541x/99

48) Maurice III, p.193.

H O O F S T U K I V

D E R D E P O O R T

Van die vier kafferopperhoofde wat in Brits Beetsjoo-
1)
analand regeer het , was die houding van Khama definitief
2)
onvriendelik teenoor die Boere . Hy is deur hulle die meeste
gevrees en die Republikeinse Regering het alles in sy vermoë
gedoen om hom afsydig te laat bly. Dit was dan ook een van die
redes waarom Genl.Grobler nie deur Beetsjoeanaland kon trek
3)
om die spoorweg te bemeester nie .

Omtrent Linchwe was die opinies verdeeld. Voorheen
in Rustenburg distrik woonagtig, het hy baie vriende onder die
Boere gehad en gedurende die oorlog het 'n gedeelte van sy stam
4)
nog in hierdie distrik gebly . In die begin van die oorlog
word Linchwe volgens betroubare rapporte gedwing om van die
Engelse 'n voorraad ammunisie aan te neem en sy volk daarmee te
bewapen, sodat hulle 'n gewapende mag wat hulle land wil inval,
5)
kan keer . 'n Weinig later word egter die spoorbrug anderkant
sy hoofstad, Mochudi, deur Republikeinse Polisie opgeblaas
6)
sonder enige teenstand van Linchwe . Alhoewel deur party go-
wantrou, is hy nie sonder rede deur baie as 'n vriend van die
7)
Boere beskou nie. Angsvallig is deur die Regering vir 'n korrekte
houding teenoor die natuurlike sorg gedra en van sy offisiere
en burgers het hy dieselfde verwag.

-
- 1) Hulle was: Khama, hoof van die Bamangwato, met as hoofstad Palapye; Bathoen, hoof van die Bangwaketse, hoofstad Kanya; Sebele, hoof van die Bakwena, hoofstad Gaberones; en Linchwe hoof van die Bakhatlas, hoofstad Mochudi.
 - 2) Times IV, p.199: "Khama, an enlightened and zealous admirer of the English".
 - 3) Sien bls.21.
 - 4) Vernameelik by Saulspoort. Linchwe se stam was sterk, was goeie vegters en deur die Boere op 12,000 geskat, in Brits Beetsjoeanaland alleen. R 561x/99.
 - 5) K.G.333(4),400; ook Leyds 709(3),218.
 - 6) Leyds 710(2),156. Deur P.J.Riekert, Komdt.van Polisie te Derdepoort op 31 Oktober 1899. Linchwe was selfs vriendelik en Riekert en sy 17 man wat die nag in Mochudi slaap, word deur die kaptein baie goed onthaal.
 - 7) Leyds 710(3),253; T.B.1647/99. Selfs die president was van hierdie gevoele. Hy vra b.v.Cronjé of dit nie moontlik sou wees, om indien sake met Khama ernstig word, van Linchwe hulp teen hom te kry.

Ongolukkig het party burgers en offisiere nie na die wens van die Regering gehandel nie on hulle aan ernstige on-reëlmatighede skuldig gemaak. Onder hulle was die Komdt. van Polisie in Waterberg, S.P.Grobler, 'n onverantwoordelike en aanmatigende persoon wat die Regering baie hoofbrekens besorg het.

Deur Genl.Grobler na Rhodesdrif gestuur ⁸⁾, maak hy hom aan 'n ongeoorloofde handelwyse skuldig, Oorkant die rivier, in Khama se grondgebied, neem hy sewe kafferfamilies gevange en buit hulle kleinvee en osse. ⁹⁾ By 'n ander geleentheid laat hy kafferkoring van bevriende naturelle invorder ¹⁰⁾ en dit is duidelik dat genoemde kommandant onnodig hardhandig opgetree het waar hy met naturelle te doen gehad het. Wel is deur verantwoordelike persone disiplinêre stappe teen hom geneem, maar jammer genoeg is hieraan deur die Regering geen gehoor gegee nie.

Geen wonder dat moeilikhede nie uitgebly het nie. Kort daarna trek 'n aantal kaffers van Khama by Kruispad deur die Limpopo, val die polisie wat daar gestasioneer is, aan en neem hul perde af, sodat die polisie genoodsaak is om te voet die Matlabas-rivier op te vlug ¹¹⁾. Ofskoon slegs 'n wraakoefening, is geen tyd verloor nie en is deur die mag op Derdepoort 'n versterking soontoe gestuur, sodat verdere verwikkelinge ¹²⁾ uitgebly het.

Omtrent dieselfde tyd doen Khama se kaffers 'n aanval op die van Selika in die Republiek se grondgebied. Selika was

8) Sien bls.17.

9) R 2147x/99. Sers.R.P.Dee was in bevel van die patroolie, 200 kleinvee en 11 osse is die 25ste Oktober buitgemaak.

10) R 123lx/99; ook Leyds 710(3),202.

11) D.d.8 November 1899. R 2282x/99; ook Leyds 710(3),231.

12) R 1562x/99; ook Leyds 710(5),431. Kruispad is geleë in Waterberg-distrik, omtrent drie uur noord van waar die Matlabas in die Limpopo loop. Alhoewel dus in Waterberg geleë, was dit te ver van die Waterberg-laan, en aangesien Genl. Grobler reeds op weg was na Rhodesdrif, is dit aan die mag op Derdepoort oorgelaat om sake te ondersoek. 25 burgers en 6 polisie vertrek na Buffelsdrif, 'n weënis uur op aan die Limpopo alwaar die belastinggaarder deur die naturelle gevang was.

Khama se vyand. Genl.Grobler, wat in die nabyheid van Solika se stat sy laer gehad het, het kort tevore na Rhodesdrif vertrek en nou maak Khama van die geleentheid gebruik om Selika te straf. Dit kon nie toegelaat word nie en daarom word deur die Regering aan bevriende kapteins gevra om kafferkommandos byeen te bring teneinde die rivier te beskerm. Hierdie reëling het die gewenste uitwerking gehad ¹³⁾.

Die Regering is dan ook heeltemal gorusgestel en aangesien die Waterberg- en Zoutpansberg-kommandos gowaarsku en op hul hoede is, ag die Regering dit veilig genoeg om die sterkte van die wag op Derdepoort tot op ongeveer 100 man af te bring, sodat die aldus vrykomende burgers na die suidfront gestuur kan word. So het rus en orde teruggekeer totdat kort daarna die Derdepoortmoord plaasvind wat Regering en burgers hewig laat opskrik ¹⁴⁾.

Derdepoort is die laaste plaas wat nog in Transvaalse grondgebied lê, aan die linkeroewer van die Marico-rivier. Vanaf hierdie plek vorm die Marico-rivier die grens met Brits-Beetsjoeanaland tot waar die rivier in die Krokodilrivier loop. Die plaas was destyds die eiendom van P.J.(Hans)Riekert, Komdt.Rydende Polisie N.W.grens, en terselfdertyd sy stasie. Vir veiligheid was hier ook 'n aantal vrouens en kinders van sy polisie gehuisvos. Nie ver van Riekert se woonstede was 'n Boereplaas, sterk ongeveer 100 man ¹⁵⁾.

- 13) T.B.1628/99 by R 1739x/99; R 1739x/99; ook Leyds VII(2),111. Dit was nie die bedoeling om hulle teen die Engelse te laat veg tensy die Engelse op hulle met Khama se volk aanval. Die kapteins gee aan die oproep gehoor en van Hans Masibi word 250 man by Selikasdrif goplaas; 150 van Bakerberg Masibi by Saulsdrif en 50 van Valtyn Makapan by Slypsteendrif, plus nog 'n wag van 100 burgers. Genoemde kaffer-kapteins het in die nabyheid van Potgietersrust gewoon en eersgenoemde twee het later baie moeilikhede veroorsaak deurdat hulle kans gesien het om met die aan hulle verskafte wapens onderlinge veetes te besleg.
- 14) d.d.25 November 1899. In hierdie verhandeling word geen aanspraak op 'n volledige behandeling van die Derdepoortmoord gemaak nie, aangesien dit buite bestek van hierdie verhandeling val.
- 15) Onder Wd.Komdt.Kirsten en Vk.Stoffberg.

Derdepoort se wag was die mees noordelike pos van Genl.Snyman se kommandos wat Mafeking omsingel het. In die beginstadium van die oorlog was hier 'n sterk kommando, maar die beleëring van Mafeking en die noodsaaklikheid om die Suid-derfront te versterk het tot 'n verswakking van die laers in hierdie geweste geleid en al die beskikbare manskappe is hier onttrek. Aan die wag op Derdepoort is die taak toegewys om as skakel te dien tussen die Rustenburg- en Waterberg-kommandos en hierdie reëling is deur die Regering voldoende goeg vir die beskerming van die grens. In weerwil van onheilspellende gerugte omtrent die houding van die naturelle juis oor die grens, is die toestand as gerusstellend genoeg beskou. Die vyand het egter van die verswakte weerstand gebruik gemaak om met hulp van die naturelle te probeer deur die Boerelinies te breek.

Saterdag 25 November, met dagbreek, word die laer plotseling aangeval deur omtrent 300 Engelse porderuiters onder Kol.Holdsworth. Na 'n howige geweervuur moet hulle egter deur die holdhaftige teenstand van die Boere terugtrek.¹⁶⁾

Die Engelse troep was voorgesel van 'n gewapende kafferkommando, volgens skatting vier duisend sterk¹⁷⁾, wat eers die huise waar die polisie verblyf gehou het, verbrand, twee vrouens doodskiet, die oorblywende vrouens en kinders (sewentien in getal) wegvoer na hulle stat Sekwanie, oorkant die grens, en daarna die Boere omsingel. Na 'n hewig gevog moet ook hulle die aftog blaas en teen tien uur in die more is alles verby.

Die verliese aan Boerekant was swaar. Daar was sowe gesneuweldes om te betreur¹⁸⁾, w.o. Jan H.Barnard, L.E.V. vir Marico, terwyl nege persone by die polisiestasie die lewe moes

16) R 1939A/55; R 1945X/55.

17) Volksstem van 6 Januarie 1900.

18) Leyds 712(2), 57. Die sewentien vrouens en kinders wat deur die kaffers van Sekwanie na Mochudi vervoer is, 'n afstand van vyf uur te perd, en waar hulle eers die volgende Maandag aangekom het, is die daaropvolgende Woensdag deur Kapt.Llewellyn aan Komdt.P.D.Swart te Krokodilpoel oorgehandig.

inskiet, waaronder die twee vrouens.

Die verontwaardiging oor die moord is groot: kaffers wat weerlose vrouens en kinders aanval, Engelse wat van natuurlike gebruik maak om Boere aan te val¹⁹⁾. Geen wonder dat die mare wyd en syd versprei word, dat dit proteste reën en dat 'n offisiële protes aan die Britse Regering gerig word²⁰⁾. Nie minder groot is die onrus onder die blanke bevolking van die noordelike distrikte nie. Hier is nou die gevreesde inval van die kafferstamme, die begin en die sein tot 'n algemene opstand.

In Zoutpansberg loop die gevoelens hoog. Rhodesdrif is al verlate, die burgers is hulle poste al aangesê, maar hulle het nog nie na Oranjerivier vertrek nie. Die moord word deur hulle beskou as 'n bewys dat die opinie dat die verlatting van Rhodesdrif verkeerd was, gegrond is. Die kommandantskap is dan ook van mening dat die stuur van burgers na die suidfront uitgestel moet word. Hiervan wil die Regering egter nie weet nie; hy ag Zoutpansberg nie onmiddellik bedreig nie en Komdt. van Rensburg kry kennis om sonder versuim met sy mense by Genl. Cronjé te gaan aansluit²¹⁾.

Met Waterberg is dit egter anders gesteld. Nylstroom is baie nader aan Derdepoort en nog nader aan Saulspoort waar 'n gedeelte van Linchwe se stam gewoon het. Die Regering stem saam met die advies van Waterberg dat vroeër geen burgers moet weggestuur word nie²²⁾. In plaas daarvan word Komdt. Lombard beveel om sonder verwyf met die 250 man wat eers na Norvalspont sou gaan, op te trek na 'n geskikte plek in die nabyheid waar die Marico-rivier in die Krokodilrivier loop. Hy moet dan in verbinding bly met Derdepoort en met die ander

19) Leyds 712(2), 57. "The kaffirs got out of hand completely". (Llewellyn)

20) Leyds 672, d.d. 19 November 1899.

21) Leyds 711(4), d.d. 27 November 1899. K.G.265-144, 154. Cronjé was destyds op Edenburg.

22) R 1934x/99 by R 1945x/99; ook Leyds 711(4) d.d. 27 Nov. "99. Op 'n byeenkoms van J. du Plessis de Beer, L.E.V., Komdt. Lombard, Ass. Vk. Botha en landdros Kroep. Marico en Rustenburg burgers was byna almal by Mafeking en Gaborones; die van Potchefstroom by Kimberley.

Waterberg- en Zoutpansbergkommandos.

Dit is egter glad nie na die sin van Komdt. Lombard nie. Hy is gewillig om Waterberg te beskerm en daartoe op gesonde plekke laer te trek, maar om na Krokodilrivier, in 'n ongesonde streek te gaan, is nie wat hy verwag het nie en iets wat hy nog altyd probeer vermy het. Terwyl hy die eintlike rede verswyg, laat hy die voorstel doen ²³⁾ om dan maar liewers na Norvalspont te vertrek en dan ander burgers vir Krokodilrivier op te kommandeer. As rede voer hy aan dat die perde afgemat is en siek "aan 'n soort klawer" en dat sy burgers liewers na die suidfront wil gaan, omdat hulle tot dusver niks gedoen het nie on dit vir hulle onmoontlik is om langer hulle "medebroeders" alleen die stryd te sien voer. Die Regering dink daar egter anders oor.

"Wy moeten niet telkens nieuwe plannen maken doch handelen" 24).

Die tyd dring. Alarmerende rapporte omtrent Linchwe se bedoelings kom in en Lombard mag geen uur meer versuim ²⁵⁾. Lombard se uitvlugtes baat niks nie en hy is verplig om aanstalles te maak teneinde die bevel uit te voer.

Traag en stadig voldoen hy aan die opdrag ²⁶⁾. Eers die 1ste Desember versamel hy sy mense en na heelwat versuim, moontlik om tyd te win en met die heimlike hoop om teruggeroep te word, kom hy eindelijk die 18de Desember met ruim 200 man ²⁷⁾ op die bestemde plek, Samenloop, aan. Hy moet daar bly tot

23) Leyds 711(4), d.d. 28 November 1899.

24) T.B. 1875/99 by R 1934x/99 by R 1945x/99.

25) Leyds 711(4), d.d. 28 November 1899. Volgens rapport van sendeling J.P. Roux, Mabieskraal, wil Linchwe al die Boere met vrouens en kinders vermoor en die mense begin in laers trek.

26) T.B. 1888/99 by R 2045x/99; R 2149x/99; ook Leyds 711(5), 36, 56, 69, d.d. 29 November 1899. Komdt. van Polisie, S.P. Grobler, word beveel om vooruit te gaan en die burgers moet dan maar agterna kom; indien die perde te swak is, dan maar per ossewa, sodat die perde met die waens kan saam loop.

27) R 2900x/99; R 2917x/99; K.G. 265-609; Leyds 713(1), 15. Die 13de Desember is Lombard by Olliedrif; die 15de by Gruisdrif. Volgens hom is die koors erg, die klimaat ongesond en tensy 'n dokter aangestel word verlang die burgers terug te gaan. Samenloop is naby die samenvloeiing van Marico- en Krokodilrivier.

hy van die Komdt. te Derdepoort order kry om teen Linchwe op te ruk. Intussen moet hy elke Dinsdag en Vrydag 'n patrollie 28) stuur om kommunikasie met Derdepoort te bewaar .

 Die aandeel wat die naturelle in die moord op Derdepoort gehad het, gee aanleiding tot voorstelle om ander kaffers op te roep om teen Linchwe te help veg. So word die gedagte geopper om 6,000 Swasies te laat kom, maar dit word deur die Regering as onwenslik beskou aangesien die Swasies alleen sal veg wanneer hulle vergesel is van 'n sterk blanke kommando. Die kaffers word aangevoer deur Engelse met kanonne en indion kanonne op Swasies skiet sal hulle vlug; bowendien is die Regering nie so seker of hulle getroy is nie 29) .

Van ander "mak" kaffers wens die Regering ook geen gebruik te maak nie. Kaffers is nie te vertrou nie.

"Byna alle kaffers spannen saam teen ons". 30)

Ook Genl. Joubert is daar definitief op teen dat kaffers bewapen word.

"De getrouwe kaffers in ons land hadden vryheid en gelegenheid hun te wapenen zoover zy wilden en ik denk het zou een gevaarlyk spel zyn hen nu te wapenen zooals voorgesteld, om de wapenen die wy noodig hebben om Natalse en Kaapkolonie-burgers te wapenen aan hen te geven die toch maar altyd kaffers blyven" 31).

Van sulke voorstelle is dus afgesien en ander maatreëls moes getref word. In die begin was dit nie seker nie wie vir die moord verantwoordelik moes gehou word: Khama, Segul, Linchwe of moontlik al drie. Khama was die waarskynlikste, gesien sy Engelsgesindheid en die Regering wou dan ook nie stappe neem alvorens nie met sekerheid vasgestel was wie die dader was nie. Eers nadat Linchwe met reg verantwoordelik gehou kon word, is besluit om hom te straf 32) .

28) R 2900x/99.

R 1917x/99 by R 1945x/99.

29) Leyds 711(4), d.d. 27 Nov. 1899. Voorstel van Genl. Snyman.

30) Leyds 711(6), d.d. 30 Nov. 1899. Voorstel van Boshoff, L.V. Van mak kaffers is reeds gebruik gemaak, maar op voorstel van Genl. Grobler is hulle weggestuur. Die enigste kaffers wat vertrou kon word was die van Selika omdat Khama hom vroeër verdryf het.

31) Leyds 712(5), d.d. 7 Desember 1899.

32) Leyds 712(4), 25, 42, 50. 712(6), 7.

Van belang was om vas te stel hoe die onderdane van Linchwe op Saulspoort (Pilandsberg) hulle sou gedra ³³⁾. Van bevriende kaffers word verneem dat Linchwe van plan is om hom na Saulspoort te begewe, hom daar met sy volk te verenig en ³⁴⁾ ander kapteins oor te haal om met hom gemene saak te maak. Die berigte is dus nie gerusstellend nie en daarom stel Komdt. van Polisie Riekert voor om die kaffers te Saulspoort te ontwapen, hul vee en goed in beslag te neem en hul te laat dour- ³⁵⁾ trek na Linchwe.

Die President ag die saak egter te gewigtig om oorhaas tot son stap oor te gaan en besluit om die heer A.D. Wolmarans na Saulspoort af te vaardig ³⁶⁾. Aan l.g. word aan die hand ggee om die kaptein te Saulspoort as selfstandig aan te stel en om met diegene wat onwillig is om onder hiordie kaptein te staan, te handel soos dour Riekert voorgestel ³⁷⁾.

Die heer Wolmarans kom op Saulspoort aan en bevind ³⁸⁾ dat daar nie die minste rede vir ongerustheid bestaan nie. Hy beveel dus aan dat die vrouelaers in die distrik Rustenburg uiteen moet gaan, want sulke laers kan moontlik 'n slegte offek op die kaffers uitoefen. Bowendien sal Kapt. Eloff binnekort op Derdepoort wees en sal Derdepoortlaer met die van Komdt. Lombard in staat wees om die lyn behoorlik te kan bewaak ³⁹⁾.

Die omstandighede het dan ook weldra gunstig genoeg geword om aan 'n strafekspedisie aandag te skenk. Derdepoort ⁴⁰⁾ is onderwyl reeds gebring op 'n sterkte van ruim 500 man, ter- ⁴¹⁾ wyl kort daarna ook Eloff met sy geskut sy verskyning maak.

-
- 33) Leyds 711(4), d.d. 27 Nov. 1899. Leyds 712(4), 13, 54.
 Die bevolking het in onrus verkeer; die gehele wyk van Elandsrivier het in laer gestaan en baie buitemenses het na die dorp Rustenburg vertrek.
- 34) R 2311x/99; ook Leyds 712(4), 35.
- 35) Leyds 712(6), 10.
- 36) Leyds 712(6), 7.
- 37) Leyds 712(7), 1.
- 38) Leyds 713, d.d. 14 Desember 1899.
- 39) T.B. 2152/99 by R 2777x/99.
- 40) R 2122x/99; Leyds 712(1), d.d. 1 Des. 1899; Leyds 712(4), d.d. 6 Des. 1899; Leyds 712(6), 59.
- 41) Leyds 712(3), 20; Leyds 672, T 852/99 van 4 Des. 1899.
 Leyds 712(7), 61.

Lombard is nog in sy posisie by Samenloop en aangosien die bevinding is dat die Boeremagte nou sterk genoeg is, word Lombard aangesê om met die aanval op die verskanste kaffers op Sekwanie te help.

Vrydag die 22ste Desember vind eindelik die aanval plaas met 500 man onder Veggeneraal W.C.Janse van Rensburg. Met dagbreek word die posisies van drie kante aangeval en teen elf uur in die more is al die posisies in Boerhande. Komdt. Lombard en Kapt.Sarel Eloff was in bevel van die een afdeling en het drie gesneuweldes om te betreur⁴²⁾. Die oorwinning was volslae, die kaffers vlug en hulle statte word afgebrand. Van die kaffers wat ongeveer 2000 in aantal was, het na sketting 150 gesneuwel; die origes het na Linchwe gevlug⁴³⁾.

Vanuit 'n veiligheids oogpunt was die ekspedisie geregverdig. In die stryd teen 'n magtige vyand kon nie toegelaat word dat die Boere ook nog deur die naturelle, buite of binne hul grondgebied sou bedreig word nie. Die aanval van die 22ste het die regte uitwerking gehad. Vir die naturelle was dit 'n les wat hulle ter harte geneem het en geruime tyd daarna is van 'n georganiseerde optrede geen sprake nie.

Die verskillende kommandos word na die slag op son wyse versprei dat dit moontlik is om die grens teen onverhoedse aanvalle te beskerm⁴⁴⁾. Aan Komdt. Lombard van die Waterberg-

42) Leyds 713, d.d. 25 Desember 1899. Die drie gesneuweldes was Johannes F. Helberg van Lombard se burgers en A.M. Morsner en Karel Holster van Eloff se mense, terwyl Gert J. Oosthuizen en Dirk de Vos lig gewond word. Die tweede punt is deur Komdt. Kirsten "met behulp des Heeren" sonder ongevalle geneem; die derde deur Komdte C.J.H. du Plessis, P.D. Swart en D. Louw.

43) Leyds 713, d.d. 26 Desember 1899; Leyds 714, d.d. 1 Jan. 1900. Eloff het seker weer geskiet asof die "gansche Engelsche armée" voor hom was, want in Pretoria kan hulle nie verstaan dat soveel kanon-ammunisie in son kaffergeveg verbruik is nie, en dit terwyl Kapt. Eloff gewaarsku was om baie spaarsaam te wees. "Indien men zoo aangaat zal er over een paar weken geen enkel patroon meer zyn. Leyds 713, d.d. 27 Desember 1899.

44) Leyds 713, d.d. 26 Desember 1899. K.G. 338(1), d.d. 1 Jan. 1900. Kommandante Louw en Swart vertrek die 26ste Desember na Ramoutsa, terwyl ook Kapt. Eloff soontoe moet gaan om hulle behulpsaam te wees met die beveg van die gepantserde treine.

kommando word 'n pos toegewys op Schoongezicht waarvandaan hy daaglik twee patrollies moet stuur, een in noordelike rigting na Samenloop en een in suidelike rigting na Dordepoort⁴⁵⁾.

Sedert die end van November is Genl.Grobler met die orige deel van Waterberg-kommando in die noordelike deel van sy distrik. Al die poste langs die rivier is nou weggeneem en selfs die kafferwagte is na hulle statte terug. Op verskillende plekke word kampe opgeslaan wat onderling met mekaar in verbinding bly asook met Dordepoort en wat gereed moet wees om indien nodig die vyand weerstand te bied. Genl.Grobler self trek sy Hooflaer op Poerzynplaten, in plaas op die Waterbergse Hoëveld⁴⁶⁾.

Twee van die stamme wat die kafferwagte uitgemaak het, het die Regering ernstige hoofbrekens besorg. Hans Masibi en Bakenberg Masibi wat naby Piet Potgietersrust hulle lokasies gehad het, was sinds lang op slegte voet met mekaar as gevolg van 'n sinds lang bestaende vete. Vegpartye was aan die orde van die dag en bereik tydens hulle terugkeer na die lokasies 'n hoogtepunt, sodat aan weerskante kaffers sneuwel. Die saak neem ernstige afmetinge aan en met die Dordepoort nog vars in die geheue word gevrees dat daaruit ernstige gevolge vir die blankes kan voortvloei.⁴⁷⁾ 'n Vyftigtal burgers van Potgietersrust wat op weg na Oranjerivier is, word op Nylstroom aangesê om met hulle Veldkornet terug te keer en die twee kapteins na Pretoria te bring. Dit gebeur en beide kapteins met hulle in-doenas⁴⁸⁾ laat hulle oorhaal tot 'n skikking.

45) Leyds 714, d.d. 7 Januarie 1900. Schoongezicht lê enige myle suid van Samenloop en langs die Krokodilrivier.

46) R 2363x/99; K.G.336(6), d.d. 9 Desember 1899. Daar was vyf laers, twee in Zoutpansberg en drie in Waterberg. Poerzynplaten lê omstreeks 12 uur noord van Nylstroom.

47) Leyds 711(4), d.d. 28 Nov. 1899; 712(1), d.d. 1 Des. 1899.

48) Leyds 712(3), d.d. 3 Des. 1899; 712(8), d.d. 12 Des. 1899. K.G.336-170; K.G.336-704. Deur Vk. Van Rooyen is Hans as 'n vriend van die Boere beskou. Tog laat die Regering Bakenberg ook terug gaan na beloofde beterskap. Vier van sy in-doenas bly egter in Pretoria as gyselaars agter.

Omtrent dieselfde tyd doen gerugte die rondte dat Khama Linchwe se voorbeeld wil volg en die Potgietersrust se veldkornet veel ongerus.⁴⁹⁾ Eintlik is dit 'n saak vir Genl.Grobler, maar aangesien hy nie veel vertroue in die generaal het nie, korrespondeer hy direk met die Komdt.Genl. se kantoor in Pretoria. Hy betig die generaal van onverskilligheid omdat l.g. met byna al sy burgers "tuis" is en byna net die waens nog op Poorzynplaten staan.⁵⁰⁾ Genl.Grobler wat hieroor op die vingers getik word, is hoogs verontwaardig oor die veldkornet se handelwyse en dreig met skorsing indien hy weer absolute onwaarhede regstreeks aan Pretoria berig.⁵¹⁾

'n Geleentheid om die Regering te toon dat hy nie van plan is om tuis te sit nie, doen hom spoedig aan Genl.Grobler voor. Aan die Oranjerivier is nog steeds meer versterkings nodig en die Regering wons 'n verdere 200 man uit Waterberg. Komdt.Lombard met sy mense is nog nie beskikbaar nie, aangesien sy teenwoordigheid op Derdepoort vereis word. Daaron, alhoewel dit nie van hom gevra is nie, bied Genl.Grobler aan om self te gaan "al is het maar voor een tyd"⁵²⁾.

Sy voorstel word aanvaar en hy vertrek die 2de Januarie met sowat 100 man na Colesberg.⁵³⁾ As Wd.Ass.Komdt.Genl. word in sy plek aangestel Jan du Plessis de Beer, L.E.V.

DIE ZOUTPANSBERG-KOMMANDO.

Teen alle verwagting in, word die bewegings van die Zoutpansberg-kommando nie deur die Derdepoortmoord beïnvloed nie. Zoutpansberg word nie bedreig nie en die toestand op ander

49) R 2439x/99, d.d.11 Desember 1899 by R 1445x/99.

50) K.G.336(8), 705, d.d.12 Desember 1899.

51) Leyds 713, d.d.13 Desember 1899. Vk.Van Rooyen kry opdrag om met sy burgers laer te trek ondorkant die lokasie van Bakonberg, daar "waar de kaffers de berg afsprongen". Hy moet dan die grens patroleer en kommunikasie onderhou met die Zoutpansberglaer en met die polisie in die buurt van die winkel op die New-Belgium-blok. Dit blyk later dat die gerugte ongegrond was.

52) R 3131x/99, d.d.23 Desember 1899 by R 3166x/99.

53) R 3166x/99.

fronte vereis dat die versterkings so spoedig moontlik gestuur word.

Gedurende die laaste week van November vertrek ruim 300 burgers onder Komdt. Van Rensburg van Pietersburg om by Genl. Cronjé se laer op Edenburg te gaan aansluit⁵⁴⁾. In Pretoria aangekom, word hulle plek van bestemming egter verander. Op versoek van Genl. Joubert wat ongesteld is, word die heer Vorster na die hoofkwartier gestuur om die offisiere met goeie raad te ondersteun⁵⁵⁾. Daarom word Komdt. Van Rensburg beveel om met sy mense Adviseur Vorster te vergesel na Colenso waar hulle dan ook die 4de Desember aankom⁵⁶⁾.

In die plek van Komdt. Van Rensburg word^{die} Naturelle-kommissaris aangestel as Wd. Komdt. Du Preez trek sy laer ten noorde van Blauwberg, terwyl Veldkornet Tom Kelly met 150 man na Louis Trichardt gestuur word om saam met die vrywilligers van fort Botha die noord-oostelike grens goed te bewaak met die oog op die gevaar wat nog altyd van die kant van Mpofu gedreig het⁵⁷⁾.

Ten opsigte van die duisende naturelle in hierdie gebied het die Regering 'n moeilike taak om te vervul. Aan die een kant moet hy sorg dat hulle onderdanig bly en bewus is van die Regering se gesag; aan die ander kant mag hulle nie onnodig lastig geval word. Die blanke bevolking het hierdie wens nie

54) K.G.335(6), 505. Die 28ste November vertrek Vk. Alberts met ongeveer 60 burgers, 12 kleurlinge en 53 perde. Wd. Ass. Vk. J. Richards met 9 burgers; Vk. Briel en Komdt. Van Rensburg met ruim 100 burgers, 36 kleurlinge en 65 perde. Die volgende dag gaan Vk. S.M. Venter met 102 burgers, 17 kaffers en 70 perde, terwyl Ass. Vk. Strydom later gaan. By l.g. was Krause ingedeel. Strydom word deur Krause beskryf as "one of the few officers who had proved in the north that he was at any rate no coward". Richards kom daar slegter van af: "he was one of Briel's sort-he had hitherto been able to avoid ever getting into a fight and by bravado and big talk he had gained a most undeserved reputation for bravery".

55) T.B.1896/99 by R 2071x/99. Hieruit blyk duidelik dat Vorster 'n man van invloed was. Saam met die heer Vorster word die heer F.G.H. Wolmarans gestuur. K.G. 336(1), 37.

56) K.G. 336(1), 37-197.

57) Leyds 711(6), d.d. 30 Nov. 1899. Argief Zoutpansberg. Wd. Vk. M. Bierman tree op in die plok van Vk. Briel.

altyd gebillik nie en die Regering se taak dikwels bomeoilik.

Ook die offisiere verstaan nie altyd hierdie houding nie. Kelly b.v. wil naby Pisangkop gaan staan om nader aan die kaffers te wees, maar dit is juis wat die Regering nie wons
58) nie. Tog word die blanke bevolking nie afgeskeep nie. Wanneer Du Preez Kelly aan die wespunt van Zoutpansberg wil hê, word toestemming daartoe geweier omdat daar in Louis Trichardt baie vrouens en kinders is wat beskerm moet word
59).

Ook klagte van 'n ander aard bereik die Regering en wel oor die klere wat aan die burgers verskaf word. Soos Du Preez dit uitdruk:

"Onze burgers vechten voor hun onafhankelijkheid doch niet voor kleeren, maar.....zy wensden voorzien te worden met kleeren geschikt voor het klimaat dat hier tropisch is".

En Vorster lewer die volgende kommentaar:

"Een broek van 5/- kan geen burger mede wagen op een paard te klimmen. En hoe kan het verwacht worden om daarmee nog 8-14 dagen te paard op patrouille te ryden? Met die soort kleeren komen de burgers somtyds byna geheel naakt terug.....Zy kunnen onmogelyk behoorlyk dienst doen met de halfnaakte lichamen". 60)

Vorster wat weer terug is van die Natal-front, het intussen verneem dat daar ongeregeldhede in die natuurleggebied van Spelonken plaasgevind het. Nieteenstaande alle offisiere belet is om vee en geld van die natuurlike te kommandeer, word daar tog afpersing gepleeg. Hierdie ongehoorde handelwys veroorsaak onrus onder die natuurlike en Vorster adviseer die Regering om onmiddellik, sonder uitstel, 'n "besliste persoon en van invloed" daarheen te stuur om 'n noukeurige ondersoek in te stel.
61)

Die "besliste persoon en van invloed" werd geag Vorster self te wees, sodat l.g.aangestel word as Wd.Komm.van Naturelle, Spelonken, om ondersoek in te stel
62). Oordeelkundige optrede van Vorster en die landdros, samesprekinge met

58) Leyds 712(3),24; ook K.G.336(3),173.

59) K.G.265-563,d.d.12 Desember 1899.

60) R 2843x/99,d.d.6 Desember 1899.

61) Leyds 713,d.d.20 Desember 1899.

62) R 2807x/99,d.d.21 Desember 1899.

die indoenas, versekeringe dat die opkommandoring deur onverantwoordelike persone gedoen is en dat hulle streng gestraf sal word,--en die raad om slegs orders uit te voer wat van die landdros of die kommissaris kom, het gelukkig weer die vrede herstel ⁶³⁾.

Gevare van vyandelike kant het naderhand so goed as verdwyn. Gedurende Desember trek Plumer met 500 à 600 man deur die Limpopo om die Boere op te volg. Die geaardheid van die landstreek, droogte en gebrek aan water laat hom terugkeer sonder om met die Boere in aanraking te kom ⁶⁴⁾. Van Boerekant word weens dieselfde redes van 'n aanval afgesien.

Gerus is Du Preez egter nie, veral nadat blyk dat Kapt. Trevor met twee man en vyf kafferspioene naby die Scoutpan gesien is ⁶⁵⁾. Du Preez kry nou in sover sy sin dat 'n okstra laer naby die punt van Scoutpansberg geplaas word om 'n beteroog op moontlike vyandelike bewegings te hou ⁶⁶⁾.

-
- 63) K.G.337(8), d.d.29 Desember 1899. Senator Munnik skryf in sy "Kronieke" as volg oor Vorster met betrekking tot l.g. se aandeel in die Adendorff-trek: "Daar klein Barond destyds 'n man van gewig was en iemand wat nie lig buite rekening moes gelaat word nie, het Rhodes hom besonder vriendelik behandel. "Kronieke", bls.126.
- 64) Volgens "Times" IV, p.203, is Plumer self die 1ste Desember op 'n verkenning van 35 myl in Transvaalse grondgebied sonder om Boere te gewaar. Die 19de Desember gaan hy tot op Wegdraai, 'n plaas aan Brakrivier, ook sonder om Boere te ontmoet. Hy besluit toe om slegs 120 man in Tuli te laat en 20 man by Macloutsie. Met sy orige troepe verskuif hy die 27ste na Palapye.---Volgens "Maurice" III, p.194, was daar na die verkenningstog van die 1ste Desember drie weë vir Plumer oop: (a) om die Boere op te volg; (b) om te probeer met Mafeking in verbinding te kom; (c) om by sy oorspronklike instruksies te bly. Die derde was buite kwessie; die eerste word onprakties toe die 6de die Limpopo afkom.
- 65) Op die plaas Kremetartfontein. Die kafferspioene was van Mpefu se kaffers. Kapt. Trevor was sinds die Jameson-inval in Pietersburg woonagtig en as 'n vriend beskou. Hy versamel egter informasie en vervaardig kaarte van Noord-Transvaal ten behoeve van die Engelse outoriteite. Die kaarte is in die geveg by Brice se winkel buitgemaak. (Krause) Leyds 713, d.d.25,26 en 27 Desember 1899. K.G.337(8), p.171.
- 66) Leyds 713, d.d.27 en 28 Desember 1899. 'n Beloning van £50 is uitgelooft vir diegene wat die spioene vang. Hulle is egter nooit gevang nie.

H O O F S T U K V
V e r b r o k k e l i n g

'n Tydperk van verbrokkeling tree nou in. Wel bly die laers bestaan, maar van 'n daadwerklike optrede teenoor enige vyand is nie meer sprake nie. Namate die behoefte op ander fronte groter word, word die laers steeds verder verswak. Die moraal van die burgers verswak; onwilligheid en ongeoorloofde afwesigheid neem toe. Eenheid van bevel ontbreek en die verwarring daardeur gestig vermeerder. Persoonlike geskille en onderlinge jaloesie vier hoogty. Gemaakte foute word oor die hoof gesien en toegeeflikheid regeer waar die nood van die tyd 'n besliste gedragslyn vereis. In Zoutpansberg is Vorster op die toppunt van sy mag, terwyl in Waterberg J. du Plessis de Beer die leiding neem. Voor die jaar t n einde loop verdwyn beide persone egter van die toneel.

Teen die end van Desember kry Wd. Komdt. Tom Kelly van die Komdt. Genl. opdrag om met 'n honderdtal van sy burgers na Colenso te kom. Versterkings is daar dringend nodig en volgens die Komdt. Genl. word Louis Trichardt voldoende deur die polisie en vrywilligers bewaak ¹⁾.

Die opkommandering veroorsaak egter groot beroering in Louis Trichardt. Die bevolking meen dat die dorp onbeskermd agtergelaat sal word en dreig om te vertrek. Met vyftig man sal hulle instem, maar dan ook nie meer nie ²⁾. Hulle meen dis Kelly wat op eie houtjie kommandeer, en Kelly is by 'n seksie van die bevolking en 'n deel van sy laer nie bemind nie. Reeds is deur 'n honderdtal burgers 'n petisie opgestuur om Kelly geskors te kry en om 'n ondersoek na sy wandade te laat instel. Hy word daarvan beskuldig dat hy hom aan drank te buite gaan, dat

1) Leyds 713, d.d. 26 Desember 1899.

2) Leyds 714, d.d. 6 Januarie 1900.

hy die burgers woorde toevoeg soos "voetsak julle" en dat sy werk van die begin af "niets dan zonde en ongerechtigheid is". Hy hou op Nuwejaar danspartye i.p.v. bidstone; met een woord: ³⁾ "Het gaat hier ongeestelyk" .

Die bewerings van die burgers is juis genoeg, maar tog sien die Regering geen rede om aan die versoek in die petisie vervat te voldoen nie. Hy kom ewewel die bevolking teemoet en gee Kelly las om slegs 50 man op te roep.

Kelly bly egter halsstarrig en nukkerig: "Ieder wil hier generaal zyn" en gaan voort om 100 man te kommandeer. Dis in direkte stryd met die Regering se order en hy word weens insubordinasie geskora. Die skorsing maak hoegenaamd geen indruk op Kelly.^{nie} Hy ontken dit en die verwarring en beroering vermeerder waarop die President die vermaning stuur:

Diegenen die de wet in eigen handen nemen om oproer te maken, die moet ik laten straffen. Laat het publiek toch verstaan dat waar zy de wetten toegestaan door oproer te verwekken waardoor de wetten niet gehandhaafd kunnen worden, brengen zy een oordeel op het land, en de Heere straft dan het geheele land daarover en somtyds gebruikt de Heere den vyand om ons te tuchtigen over zulke handelwyse".

Nadat blyk dat Kelly op bevel van Komdt. Genl. Joubert self gehandel het, word die skorsing teruggetrek en bedaar die ⁴⁾ ge-
moedere .

'n Week later vra die President 'n verdere honderdtal burgers van Komdt. Du Preez. Hulle bestemming word eers aangegee as Colenso, maar aangesien Genl. Grobler 'n dringende aanvraag om versterking stuur weens die steeds sterker wordende vyandelike druk oorkant die Oranjerivier, word hulle na Colos-

3) R 3284x/00; R 3540x/00; R 3544x/00.

4) R 3970x/00; R 3504x/00; R 3505x/00; K.G. 338-4, d.d. 8 Jan. 1900. Volgens nog lewende getuies was Kelly in elk geval geen lafaard nie. Krause noem hom "a most troublesome officer". Enige maande later word hy aangekla weens sekere onreëlmatighede deur hom begaan. Hy word skuldig bevind maar kry geleentheid om self sy ontslag te vra (Krause). Blykbaar het hy in die veld gebly, want die 16de September word hy deur die Engelse in die Zoutpansbergse laeveld gevange geneem (Scapegoats of the Empire).

berg georder.

Du Preez is ongeneig om soveel te laat gaan. Hy meen dat Zoutpansberg te veel verswak word, maar al sy proteste baat niks nie.⁵⁾

"Het is een bloedigen stryd on elke burger in het land behoort het zyne by te dragen om onze zakon te doen gelukken. Gy met uwe burgers bevinst U in een zeer veilig land in vergelyking met de burgers te Colesberg" 6).

In die begin van Februarie volg 'n vordere oproeping wat sy oorsprong het in die begeerte van die Rhenosterpoortors aan die Natal-front om hul "geswore" Vk.D.J.du Preez daar te hê, aangesien hul veldkornet weens 'n oue kooëlwond verlof het en hul nie onder 'n waarnemende veldkornet wil staan nie.⁷⁾ Du Preez is gewillig om te gaan maar wil 100 of 50 man saamnoem, aangesien daar nog genoeg burgers in sy laer is. Die Regering stem toe mits sy burgers na Colesberg gaan, alwaar die toestand kritiek is.⁸⁾

Die burgers wil egter nie na Colesberg, maar saam met Du Preez na Colenso en 'n oplossing word eindelijk gevind deurdat 100 Vrystaters van Colenso na Colesberg gaan, terwyl die 100 Zoutpansbergers hulle vervang.⁹⁾

Voor Du Preez se vertrek word, op advies van landdros Heystek, M.Bierman aangestel as Ass.Genl. Hierdie aanstelling wek bevreemding aangesien Du Preez self Vorster as Ass.Genl. aanbeveel het. Vorster en Heystek is egter geen vriende nie. Volgens Vorster het Heystek hom gehaat gemaak "by al ons boere-

5) T.B.26/00 by R 3610x/00.

6) Leyds 714, d.d.6 Januarie 1900. T.B.189/00 by R 3849x/00. Die 16de Januarie is 80 man onder Veldkornet Van Aswegen op pad na Colesberg.

7) Leyds 715, d.d.26 Januarie 1900. Die gewonde veldkornet is Vk. Strydom.

8) Leyds 715, d.d.28 Januarie 1900. Daar was nog 355 man in sy laer. Hy mag nie die wag in Louis Trichardt on die polisie van fort Botha oproep nie.

9) Leyds 715, d.d.30 Jan.1900; Leyds 716, d.d.1 Februarie 1900; K.G.340, d.d.4 Februarie 1900. Deur swaar reëns, nat paaie, vol riviere en tot oormaat van ramp longsiekte onder die osse, Kan Du Preez en sy burgers nie voor die 6de Februarie van Pietersburg vertrek nie.

monse"; slegs die Engelse in Pietersburg is nog sy vriende. Vorster het reeds die Regering aangeraad om Heystek gedurende die oorlog daar weg te neem, anders "kom daar bepaald fout"¹⁰⁾. Sy sin het Vorster nie gekry nie, maar dit is geen wonder dat Heystek nie Vorster vir die pos van Ass.Genl. aanbeveel het nie. Vorster is erg ontevrede; ook baie burgers voel soos hy. Gelukkig word moontlike wrywing vermy deurdat Vorster, op advies van Du Preez, as Hoofkommandant oor die nuwe Ass.Genl. aangestel word. Heystek moet hom beëdig!¹¹⁾

Met die aanstelling tot Hoofkommandant is Vorster se eersug bevredig. Hy word in wese die hoof van die distrik onlaat van nou af aan terdeë sy invloed geld.

"Ik hoop om in den naam des Heeren met zyne kracht alles te doen wat kan en moet gedaan worden" 12).

Hy laat geen gras onder sy voete groei nie maar tref dadelik reëlins om die verskillende laers te besoek. Een van die eerste stappe is om die Hooflaer te verskuif na Witklip¹³⁾. 'n Veertien dae daarna begewe die bedrywige Volksraadslid-Hoofkommandant hom na Louis Trichardt waar hy betreurenswaardige toestande aantref. Die laer staan op 'n ongesonde plek en die burgers is nie van genoegsame dekking voorsien teen die aanhoudende reëns nie. Party moet hulle behelp met stukke boksele; 'n tent van 10 by 12 voet moet herberg verskaf aan 10 tot 12

10) Leyds 716, d.d. 5 Februarie 1900; R 5934x/00.

11) Leyds 716, d.d. 5 Februarie 1900. Die rang van Hoofkommandant was voorheen onbekend in die Republiek en volgens Krause onwettig. "It was neither flesh, fish nor good red herring". Baie burgers is deur hierdie aanstelling onaangenaam getref veral ook omdat hulle meen dat Vorster geen reg daarop gehad het nie. Die latere vyandskap tussen hom en Genl. Grobler dateer vanaf hierdie aanstelling.

12) K.G. 340, d.d. 5 Februarie 1900.

13) Leyds 716, d.d. 10 Februarie 1900. Die Hooflaer het op Lecuwknop gestaan. Die pan d'ar geval hom glad nie: dit sal die burgers net koors laat kry en perdesiekte is reeds straf. Op Witklip is 'n fontein. Die plaas is ongeveer 45 myl van Pietersburg. Krause noem die verskuiwing "a profound mystery". Volgens hom was die kemp daar absoluut oorbodig en slegs 'n toevlugsoord vir lafaards en onwilliges. Een van die eerste dae na Krause se benoeming tot kommandant was om die kemp op Witklip op te hef.

burgers en bowendien nog dien as bêreplek vir saals en rantsoene. Die gesondheid van die burgers laat dan ook baie te wense oor; koors is erg en perdesiekte nie minder nie. Kinine om die perde in te gee is daar nie meer nie.

Ook in die dorp self is die toestand allerellendigst. Die dorp is blykbaar op 'n verkeerde plek uitgemeet en aangesien daar nog geen enkel goeie gebou staan nie, stel Vorster voor om later die dorp na 'n hoër geleë plek te versit. In die s.g. vrouelaers, bestaende uit vier klompe tente, gaan dit maar bedroewend. Daar is verskriklik baie gevalle van koors, dewyl die kampe te dig by die "valleie" staan ¹⁴⁾.

Hoofkormmandant Vorster het egter nog 'n spesiale deel met hierdie reis na Louis Trichardt. Vanuit Spelonken is 'n veertigtal burgers opgekormmandeer om na Colenso te gaan ¹⁵⁾ en Vorster sien daarin 'n geleentheid om van 'n volgens hom ongewenste persoon ontslae te raak.

Die persoon is Kapt. Hickey, in bevel van die vrywilligers op fort Botha. Hickey word deur Vorster sinds lang gewantrou. "Hy is nie 'n beer nie". Die Engelse van is vir hom 'n aanduiding dat Hickey met die Engelse houl, alhoewel hy nie bewyse daarvoor het nie. Reeds voorheen het hy aan die hand gegee om Hickey na die "voorfront" te ontbied waar beter op hom gelet kan word, maar die Regering laat hom op sy pos bly. ¹⁶⁾

Nou stel Vorster voor om Hickey met sy 25 vrywilligers op te roep en dan ^{die} getal aan te vul met 15 burgers tot die sterkte van 40 man bereik is ¹⁷⁾. Die voorstel staan op pote, maar Hickey is daarmee glad nie ingenome nie. Volgens hom kry die vrywilligers hulle orders direk van die Kommandant-Generaal

14) R 5480x/00.

15) Leyds 717, d.d. 22 Februarie 1900. Onder Vk. Grobler.

16) K.G. 340, d.d. 5 Februarie 1900; K.G. 342, d.d. 19 Maart 1900.

17) R 5480x/00; Leyds 717, d.d. 23 ~~Maart~~ ^{Febr} 1900.

Die oorblywende burgers sal dan kamp betrek ten N.O. van Pisangkop, omtrent 12 myl van Louis Trichardt, terwyl van die polisie, bestaende uit 52 man, 40 te fort Botha gestasioneer sal word en die ander op fort Hendrina (na die oorlog Fort Edward gedoop) sal bly.

en behoef hy hom nie te stuur aan orders van ondergeskikte kommandante nie. Hy weier dan ook om te gaan en beroep hom op die Kommandant-Generaal¹⁸⁾, wat hom inderdaad in die gelyk stel¹⁹⁾.

Die saak is egter nie hiermee afgehandel nie. Vorster se eersug is gekrenk, sy gesag staan op die spel en hy voel seker van die steun van Pretoria. Hy laat die polisie besit van die fort neem en Hickey is verplig om vir die tweede keer sy toevlug tot die Kommandant-Generaal te neem²⁰⁾. Hierdie keer egter tevergeefs: Genl. Joubert onderwerp hom vir die soveelste keer aan die Regering en informeer Hickey dat die Regering besluit het om aan Hoofkommandant Vorster die reëling van alle sake op te dra. Ooreenkomstig hierdie besluit moet die vrywilligers na die front gestuur word en sal die vrywilligerskorps vanaf 1 April as ontbonde beskou word²¹⁾.

Vorster is die oorwinnaar en sy prestige is gehandhaaf. Hickey, die man wat "ziel en lichaam Engelsch is", word na sy hooflaer gestuur sedat hy voortdurend onder toesig kan bly²²⁾.

Donker tye het aangebreek. Grenjé se oorgawe by Paardeberg, die bedreiging van Bloemfontein, die ontset van Ladysmith en, 'n maand later, die dood van Genl. Joubert, ontmoedig baie burgers. Gebrek aan manskappe laat hulle gedug voel en alle beskikbare reserwes word opgeroep. Burgers wat in die begin van oorlogsdienste vrygestel is, soos klerke van verantwoordelike persone, spoorwegwagte, ens. word deur Vorster aangekeer²³⁾.

18) Leyds 718, d.d. 28 Februarie 1900. K.G. 341, d.d. 1 Maart 1900.

19) K.G. 267, d.d. 10 Maart 1900.

20) Leyds 719, d.d. 20 Maart 1900 en 21 Maart 1900.

21) Leyds 719, d.d. 21 Maart 1900.

22) R 6160x/00; Leyds 720, d.d. 21 Maart 1900.

Hickey word aanklaag vir staatsverraad op grond van klagte van sy manskappe dat hy, terwyl hy op patrollie na die Limpopo is, order gegee het om die Engelse vlag te hys.

23) Leyds 720, d.d. 24 Maart 1900.

Heystek, wat nie sonder grond vermoed dat Vorster egter hierdie opkommandering sit, werp alle verantwoordelijkheid insake spoorwegbewaking van hom af. Die Regering antwoord egter dat hy Vorster steun en nie weer son telegram van Heystek wens te ontvang nie.

Ook van Kommandante Van Rensburg en Du Preez wat aan die Natalfront is, kom dringende oproepe om meer burgers. Vorster doen sy bes om hulle tegemoet te kom, maar is slegs tot op sekere hoogte daartoe in staat. Beskerming van die distrik kom by hom eerste en aan al hulle eise kan hy nie voldoen nie.

"Als dat moet gebeur en blyf ik in myn hoofdlager zitten met omtrent 120 kinderen en de Regering kan dan maar gerust dit lager ontbinden, want dan betekent het toch niets, ik kan niet meer een enkele burger sparen"
24)

Kort hierna kom Van Rensburg met verlof en kan Vorster vir 'n paar dae na Pretoria gaan. Voor sy vertrek kom hy met Van Rensburg ooreen omtrent die prosedure wat by kommando-ring gevolg sal word. Soos die verlofgangers kom moet ander wat in laers is gaan, d.w.s. burger vir burger, maar nie om meteens 'n hele kommando op te roep nie.
25)

Van Rensburg hou hom nie aan hierdie "uitdruklike verstandhouding" nie. Hy dink aan die kritieke toestand op die Oosfront en neem nou sy kans waar om te kommandeer soos hy dit verlang. Hy geniet die steun van die landdros wat betor met Van Rensburg saemwerk as met Vorster. Vorster, wat ingelig word omtrent die saak, betig vanuit Pretoria Van Rensburg dat hy hom laat mislei:

"Wat voor dinge hebt gy nu weer met die Landdros en Vrederegter te bespreken"
26)

en laat die bevel herroep. Hy is die Hoofdkommandant van Zoutpansberg en Van Rensburg is slegs met verlof. Vorster is reg, maar Van Rensburg sien hierin slegs teenwerking. Ook die burgers is dronkgeslaan: orders en teenorders. Hulle kla hulle nood by die Kommandant-Generaal:

"(Wy verzoeken U) dringend ons te willen melden wie hier in Zoutpansberg het recht heeft om te commanderen. Is het onze Cdt. Rensburg met ons van Glencoe gekomen of de door de Regering aangestelde kreupele Hoofdkommandant Barend Vorster. Hoofdkommandant Vorster is onbeminde by burgers en handelt als een despoet waardoor burgers ten hoogste ontevreden eveneens als inwoners van Pietersburg!"

24) Leyds 720, d.d. 24 Maart 1900.

25) Leyds 720, d.d. 26 Maart 1900; 2 April 1900.

26) Leyds 720, d.d. 2 April 1900.

16^a
27)

Hulle weet nie wat om te doen nie . Geen wonder dat die Komdt.Genl. kla dat daar van die 350 Zoutpansbergers slegs 180 aan die front is en dat hy Van Rensburg steun in hierdie saak. Die President ewewel beskerm Vorster:

"Ik heb Hoofdkommandant Vorster als zodanig aangesteld omdat ik meen hy de enigste man is die daarvoor bekwaam is.....Indien ik Vorster niet had aangesteld dan was Louis Trichardt reeds verlaten omdat al de menschen van daar wegluchten en als U tegen is dat ik de zaken daar zal regelen zeg het dan maar dan zal ik Zoutpansberg opgeven en zaken laten loopen zooals zy willen.....Ik denk die officieren die zaken door elkaar willen krabben en die zoo razen over Vorster zyn juist diegenen die hebben willen dat er gevaar in Zoutpansberg moet komen opdat zy zich dan op gevaar kunnen beroepen en zy dan naar huis kunnen gaan en dit zal zekerlik gebeuren als ik Vorster nu moet afschaffen die alles nu in orde heeft" 28).

Weer berus die Komdt.Genl. by die sienswyse van die Regering en weer behaal Vorster die oorwinning.

Vorster haas hom terug na Pietersburg, waar hy bevind dat sake byna in die war geloop het. Die meeste verlofgangers bly "ottelyke lange tye" by hul huise en kom traag op na hulle laers wat hul moet corneem. Met "bittere moeite" kry hy sake weer reg, sodat binnekort altesaam 393 man op Glencoe sal wees, dus nog meer as wat die Komdt.Genl. verwag het. So tevrede is hy dat hy 16^b 29)

"verzoek de officieren niet te hard te knorren want deze verwarring is te wyten meer aan onkunde als iets anders"

----- Dieselfde tyd wat die burgers na die front moet vertrek, kom Masibi se kaffers weer in opstand en word die burgers wat nog nie verby is nie, beveel om nie verder as Makapanspoort te gaan nie. Ook versterkings van Waterberglaer word inderhaas soontoe gestuur. Gelukkig blyk die invloed van Burgemeester Potgieter, wat spesiaal deur die Regering agevaardig is, sodanig

- 16^a
26) Leyds 721, d.d. 6 April 1900. Telegram van burger Dietsch.
16^b 28) Leyds 721, d.d. 6 April 1900.
16^c 29) Leyds 721, d.d. 9 en 14 April 1900. Die ontevredenheid oor Vorster se aanstelling gaan later, na die vertrek van die President uit Pretoria, so ver dat op 'n publieke vergadering in Pietersburg Vorster se gesag in twyfel getrek word, waarop Vorster die betreffende telegram toon. Sy ontslag word geëis, maar geweier. Selfs is 'n plan beraam om hom te ontvoer, maar daar het niks van gekom nie en het Vorster se invloed onverminderd bly voortbestaan tot September 1900 (Krause).

te wees dat die twee kapteins belowe om na Pretoria te kom om
 kan die burgers hulle reis voortsit ²⁷⁾ .

Vanuit die laers word gereëld patrollie gery na Krokodilrivier. Die rivier is "onpassêrbaar" vol en dus is die
 grense veilig ²⁸⁾ . Wel word nog steeds die aanwesigheid van
 Engelse gerapporteer, maar hulle bly oorkant en hulle sterkte
 is maar gering. ²⁹⁾ Gevaar van hierdie kant is nie te dugte nie
 en dis 'n verligting want die keerstyd en perdesiekte is kwaai.
 Vorster wil perde koop, maar die Regering meen hul sal tog dood
 gaan. En so is daar naderhand 300 burgers sonder perde ³⁰⁾ .

Gedurende April kom Komdt. Du Preez met verlof en om
 vorige moeilikhede te vermy word aan Du Preez duidelik te ver-
 staan gegee dat hy slegs verlof het en dat Vorster Hoofkomman-
 dant bly ³¹⁾ .

Begin Mei vertrek Vorster vir die spesiale Volksraad-
 sitting na Pretoria. Hy kry daar eerstehandse inligting omtrent
 die kritieke toestand op die Wesfront waar die vyand vanuit die
 Suide en Noorde opruk om Mafeking te ontset ³²⁾ . Vorster sien
 die noodsaaklikheid van verdere versterkings en laat Du Preez
 aansê om almal vir die voet op te kommandeer; alle kantore, be-
 halwe die landdroeskantoor, moet gesluit word en hy moet sorg
 dat daar slegs 350 weerbare manne in Zoutpansberg oorbly ³³⁾

27) R 7205x/00; Leyds 721, d.d. 14, 15 en 17 April 1900; Leyds 722, d.d. 22 en 27 April 1900. J. du Plessis de Beer van Waterberg gaan met 'n klein kommando en 'n kanon soontoe. Hy "zal myn best doen al moet ik my ook opoffer voor myn land". Die President is bang vir onbesuisdheid en daarom moet De Beer "zeer voorzichtig zyn en het vuur niet aan brand steken".

28) Leyds 719, d.d. 16 Maart 1900.

29) R 5480x/00; Leyds 721, d.d. 14 April 1900.

30) R 5907x/00.

31) Leyds 721, d.d. 18 April 1900; 722, d.d. 23 en 30 April 1900.

32) Leyds 718, d.d. 2 Maart 1900. Troepe het in Beira geland op pad na Mafeking.

33) Leyds 723, d.d. 8 Mei 1900. 50 te plaas by Louis Trichardt, 40 op die berg, 12 polisie in die dorp, die res in die Hooflaer. Vorster self stel 'n grootser plan voor: Hy sal met 500 Zoutpansbergers en 300 Waterbergers na Buluwayo trek om vandaar die Mafekingversterking te weerstaan!

Voordat hierdie saak ten uitvoer gebring kan word, kom daar berigte van kafferopstande in die Spelonken³⁴⁾. Vanuit Pretoria tref Vorster voorlopige maatreëls waarna hy, na afloop van die Volksraadsitting³⁵⁾, per spesiale trein na Pietersburg vertrek om self aan die hoof van drie patrollies die kaffer-gevaar te besweer³⁶⁾. Met 'n groot vertoning trek hy van drie kante die bergreeks in, maar die hele affêre loop met 'n sissor af. Alles is rustig bevind en die 17de Mei is Vorster terug om aandag te wy aan die beloofde versterking vir Mafeking³⁷⁾.

"God zy nog met ons, de vyand is nog niet aan de poorten van Jeruzalem.

Dieselfde dag word Mafeking ontset!

Baie burgers gaan na die suide, maar heelparty bly tuis. Die vrouens kan dit nie langer aansien nie en kla daaroor by die President³⁸⁾:

"Hier zyn buiten den Hoofdkormmandant een Wd.Ass.Genl. en vier effectiewe veldcornetten die in staat zyn naar het front te gaan. De burgers zyn gewillig maar met dit voorbeeld voor oogen blyven zy thuis".

Selfs kry Vorster 'n aansoek van vrouens om na die front te gaan i.p.v. "de mannen die hier op verlof by hun vrouwen liggen"³⁹⁾. Streng maatreëls word nodig geag: weglopers en tuisblywers sal met verbeurdverklaring van hul roerende goedere gestraf word⁴⁰⁾.

Al nader kom die Engelse; reeds is hul voorhoede by Vaalrivier en alle kragte moet ingespan word. Daar is te veel

-
- 34) Leyds ~~722(61)~~, d.d. 7 Mei 1900; 723(13), d.d. 11 Mei 1900. 40 man onder indoenas van Mpefu trek die Limpopo deur, verder opgaaf in by Ramputa en sit die volk tot oproer aan. Mpefu self bly op veilige afstand en dis eers na die besetting van Pietersburg dat hy op aandringer van die Engelse deur die rivier trek om die kaffers teen die Boere op te stook. (Vechten en Vluchten, p. 233)
- 35) 10 Mei 1900.
- 36) Leyds 723, d.d. 9 en 10 Mei 1900. Luit. Eybers met 20 polisie, Kelly met 40 ruiters en Du Preez met 40 man. Vorster self kom met 'n kanon.
- 37) Leyds 724, d.d. 17 Mei 1900. Smaalen.
- 38) Leyds 724, d.d. 17 Mei 1900. Telegram Burgeresse Van
- 39) Leyds ~~724, d.d. 17 Mei 1900 (p. 69)~~; 725, d.d. 19 Mei 1900 (p. 70).
- 40) Leyds 726, d.d. 25 Mei 1900 (p. 42). Onder hierdie besluit word later ook Vk. J.L.H. du Preez gestraf, maar as gevolg van 'n petisie weer deur die President in sy rang herstel. (Krause) (Argief Zoutpansberg)

sluutolmanne en wegskuilers, sodat by Krygsraadbesluit al die Volksraadslede en siviele amptenare opgekommandeer word om die onafhanklikheid te verdedig⁴¹⁾

Ook Vorster val onder hierdie besluit en Genl.Grobler versuim ook nie om Vorster daarvan in kennis te stel nie.⁴²⁾ Dis nie wat Vorster verlang nie: by hom kom Zoutpansberg eerste, maar hy sal hom blootstel aan Genl.Grobler se kritiek en straf indien hy weier. Hy laat weet dat hy "dankbaar" is dat hy kan gaan en dat hy die 24ste van Pietersburg sal "begin"⁴³⁾. Dit gee hom 'n hele paar dae in die tyd kan baie gebeur.

Inderdaad word hom 'n ekskuus verskaf deur patrollie-berigte dat die Engelse wagte by Tuli sterker word. Dis 'n bedreiging van Zoutpansberg en dadelik besluit hy om eers die laer van Witklip na Brakrivier te verskuif. Genl.Grobler kan maar 'n bietjie wag, en inpleks van na Vereeniging te gaan, trok hy na sy Hooflaer⁴⁴⁾

Die 1ste Junie is Vorster nog in Pietersburg en hoor hy dat die President Pretoria verlaat het en na Oos-Transvaal is. Die berig skok hom; hy het nie verwag dat die hoofstad so gou en sonder slag of stoot sou oorgee nie. Hy trek die wysheid van son stap in twyfel.

"De Heere behoede ons voor verkeerde besluiten. Byna alle Zoutpansberg-burgers zyn al van hier en zy gaan nog met elke trein na voren vol moed voor onze onafhanklikheid te stryden tot den laaste toe".

Dit meen dat Noordelike Transvaal aan sy lot oorgelaat word en dat hy van alle kommunikasie met die Regering afgesny is. 'n Groot taak rus daar nou op sy skouers: aan hom en aan hom alleen is die verdediging van die distrik toevertrou. Daartoe is hy bereid en daartoe voel hy bekwaam⁴⁵⁾.

41) Leyds 725, d.d. 19 Mei 1900 (p. 76). Krygsraadbesluit Vereeniging.

42) Leyds 725, d.d. 19 Mei 1900 (p. 19).

43) Leyds 725, d.d. 19 Mei 1900 (p. 52).

44) Leyds 725, d.d. 22, 25 en 26 Mei 1900.

45) Leyds 726, d.d. 1 Junie 1900. 'n Tyd later vind hierdie gedagte uiting in 'n proklamasie deur Vorster in Pietersburg uitgevaardig. Die proklamasie was natuurlik onwettig. (Kyk bylaag V). Krause noem die proklamasie "the most foolish act that Vorster committed and which really led to his eventual dismissal".

DIE WATERBERG-KOMMANDO, Januarie - Mei 1900.

Die 2de Januarie vertrek Genl.Grobler met ongeveer 100 man na Colesberg, terwyl Jan du Plessis de Beer, L.E.V., in sy plek as Ass.Genl. oor die Waterberg-kommandos aangestel word ⁴⁶⁾. Die bevel was om met 200 man te gaan, maar Genl.Grobler durf nie sy laers te veel verswak nie. Die ekstra honderd man moet óf deur Zoutpansberg óf deur Lombard verskef word. Beide alternatiewe is egter buite kwessie. Zoutpansberg het reeds sy deel bygedra en Lombard se plek is in die nabyheid van Derdepoort waar hy die Rustenburgers moet bystaan ⁴⁷⁾.

Op onverwagte wyse word Genl.Grobler uit sy dilemma verlos. Komdt. Lombard se duidelike instruksies was om op Schoongezicht te bly en saam te werk met die mense van Derdepoort. Hy betoon ewewl direkte ongehoorsaamheid en negaar sonder wroeging hierdie instruksies. Sy mense wil terug na Waterberg en hyself is "onbewus daarvan" dat hy onder Rustenburg se offisiere moet staan. Hy trek dan ook terug. Die helfte van sy burgers is siek aan disenterie, dokters is skaars en koors en perdesiekte is straf aan die Limpopo. Daarom versit hy sy laer na Buffelshoek en stel hom onder bavel van Ass.Genl. de Beer ⁴⁸⁾.

De Beer steun Lombard in sy besluit en vra die President om Lombard se burgers in Waterberg te laat bly aangesien die distrik anders te swak word. Die President weier die lam-londige versoek: Lombard se plek is op Schoongezicht. De Beer kry die verwyte dat hy seker die mense te veel verlof gee, anders kan hy nie voorgee dat die distrik te swak verdedig word. Maar selfs die President kan die loop van sake nie verander nie: die Rustenburgers moet van nou af sonder die Waterbergers ⁴⁹⁾ klaarkom en die Regering is verplig om hiermee genoeë te neem.

Dit maak egter die saak van die opkommandering van

46) Kyk bls.44.

47) T.B.2267/99 by R 3109x/99; K.G.265-731,d.d.26 Des.1899.

48) R 3770x/00; Leyds 714,d.d.14 Januarie 1900,p.4,6.

49) Leyds 714,d.d.9 Januarie 1900,p.13.

die ekstra 100 man makliker. Dewyl Lombard weer terug is in Waterberg, word aan De Beer opdrag gegee om 150 man na Genl. Grobler by Colesberg te stuur. Maar hierteen maak De Beer beswaar. Ook by hom weeg die belange van die distrik die swaarste. Indien Derdepoort in gevaar is, is Waterberg eweseer in gevaar. Hy sal die order uitvoer maar was sy hande in onskuld indien die kaffers en Engelse Waterberg afloop en moorde pleeg; al die kaffers in die distrik weier reeds om diens te doen en word deur blankes opgestook 50).

De Beer word hieroor op die vingers getik. Sy dreiment hou nie steek nie en die Regering hou hom verantwoordelik vir alles wat daar mag gebeur met betrekking tot die families en eiendomme, aangesien hy nie opgedra is om op Buffelshoek te bly nie, maar om die grens te bewaak.

"Wanneer nu een ongeval gebeurt te Colesberg waar versterking nodig is en gy houdt uw burgers bymekaar te Buffelshoek dan zult gy daarvoor ook mede verantwoordelik zyn.....De Regering vertrouwt dat de burgers goed zullen verstaan dat als de vyand op de belangryke punten zooals Colesberg, Colenso en Modderrivier overwint, Waterberg ook in gevaar zal komen en dan meer te vreezen zal hebben dan nu" 51)

Hoe teen sy sin ook al, vir De Beer bly daar niks anders oors as om die order uit te voer nie 52).

Ongelukkig begaan hy die onversigtigheid om die lastige, eiesinnige en onverantwoordelike Komdt. van Polisie S.P. Grobler ook op te roep. Wel was die polisie onder sy bevel, maar hulle is beskou as 'n eenheid met 'n spesiale taak. In hierdie geval was dit die patrolling van die riviergrens waarvoor die polisie besonder geskik was uit hoofde van hul kennis van die terrein en van die feit dat hulle in besit van gesoute perde was. Die Regering was baie gestold op die vervulling van hierdie pligte en toe S.P.Grobler sy besware voorlê, is die

50) R 3978x/00; Leyds 715, d.d.18 Januarie 1900 (p.17).

51) T.B.217/00 by R 3978x/00.

52) R 4151x/00; ook Leyds 715, d.d.21 Januarie 1900 (p.21). Die 150 burgers met Komdt. Lombard kan egter nie voor die 26ste van Nylstroom vertrok nie. De Beer voel die verwyf dat hy op Buffelshoek bly sit en stuur party burgers na Soutpansdrif, Grootfontein en Selika.

Regering dadelik geneë om De Beer se bevole te laat herroep .⁵³⁾

Laasgenoemde voel hom verongelyk. Hy is nou die spot van Komdt.Grobler geword, sy "hande is gekap" en as die President se beslissing handhaaf, sal hy sy posisie moet neerlê⁵⁴⁾ . Sy kans kom ogter. Die Regering wil daarom graag meer weet van die polisie en sy werksaamhede en laat De Beer ondersoek daarna instel.

Sonder versuim en met ywer kwyt De Beer hom van sy taak. Hy bring 'n besoek aan die kamp van die polisie en sien al gou die eintlike rede van S.P.Grobler se onwilligheid. Die polisie is gekampeer op Poerzynplaten, 'n hoë gesonde plok met 'n pragtige natuurskoon. Die kommandant woon in 'n mooi met planke uitgevoerd huis met twee kamers en kombuis, het vrou en kinders by hom en ook skape en beeste. Die manskappe woon in tente en onder bokseile en het ook hulle vrouens en kinders by hulle. Die plek is 20 uur te perd reg suid van Krokodilrivier.

"Of de grens door de polisie behoerlik kan bewaakt worden is my niet bekend. De Cdt. heeft my echter verzekerd dat hy dit wel kan doen en ik kan dat niet tegenspreken, maar UEd. kunt daar zelf over oordelen.....De Cdt. van polisie heeft my mondeling gezegd dat hy Poerzynplaten niet zal verlaten om naar het lageveld te gaan en om daar van de koorts te sterven".⁵⁵⁾

Die rapport is veelseggend en die end van die saak is dat S.P.Grobler tog moet gaan en De Beer se gesag ongeskonde bly. Dit het nog heelwat voete in die aarde gehad voor die Komdt. van Polisie eindelijk op weg is. Deur allerhande uitvlugte probeer hy sy vertrek te vertraag; die families moet eers versorg word en die riviere is te vol, alhoewel hy volgens sy hoof baie goed die riviere bo kan omtrek⁵⁶⁾ .

53) Leyds 715, d.d. 21 Januarie 1900 (p.25)

54) Leyds 715, d.d. 24 Januarie 1900 (p.8) en 25 Januarie 1900.

55) R 4269x/00, d.d. 25 Januarie 1900 by R 3166x/99.

56) R 4430x/00; R 4608x/00; R 4791x/00; R 4831x/00; Leyds 715, d.d. 29 Januarie 1900; 716, d.d. 2 Februarie 1900.

Die 5de Februarie is Komdt.Grobler eindelijk met sy 65 polisie in Nylstroom; 6 man word agtergehou om eers die families in veiligheid te bring, waarna ook die res onder ser-sant Lee vertrek.....Onder Genl.Beyers staan S.P. Grobler tereg weens hoogverraad, omdat hy met sy polisie na die vyand wou oorloop. Hy is ter dood veroordeel, maar die vonnis is nie uitgevoer nie (Vechten en Vluchten, p.184; Krause).

Gedurende die volgende paar weke doen kaffers van Linchwe wat uit Rustenburg kom, aanvalle op vriendelik gesinde kaffers. Alhoewel nie georganiseerde bendes nie, dog slogs "rowers;" word die aanvalle deur die Waterbergers in 'n ernstige lig beskou⁵⁷⁾. Briewe omtrent hierdie gebeurtenisse bereik Genl.Grobler se kommando in die Vrystaat tydens die donkere dae van end Februarie. Kimberley ontset, Cronjé met sy vier duisend op Majoebadag gevang, die deur van Ladysmith geopen, die kaffergevaar in hul distrik - on die burgers begin hul ver- lange kenbaar maak om huistoe te gaan.

Genl.Grobler voel soos sy burgers en meen dat die tyd gekom het om meer aandag aan Transvaal en in besonder aan Waterberg te wy. Hy weet dat hy by die Regering geen gehoor sal kry nie en daarom probeer hy langs andere kanale sy doel te bereik. Hy besluit om die heer P.J.Potgieter, burgemeester van Pretoria en vroeëre kommandant van Waterberg, vir sy doel te interesseer:

"Zie Regering en stel voor, zonder echter myn naam te gebruiken, dat de Transvalers van hier teruggeroepen worden. Onze westelyke en noordelyke grenzen moeten onder veranderde omstandigheden beschermd worden. Bovendien ben ik bevreesd dat nu dat de kaffers lucht kunnen schoppen, zy misschien zullen opstaan. Hoe of het ook al zy, de Transvalers moeten toezien dat hun grenzen niet overschreden worden" 58).

Aan die Regering rapporteer hy minder direk maar tog genoeg om sy eintlike doel te laat doorskemer:

"Verder wensch ik op te merken dat er veel ziekte in districten Waterberg en Zoutpansberg heerscht en dat het wogens berichten die de burgers van dag tot dag ontvangen, voor my byna onmogelyk is om de personen hier te houden" 59).

Sy diplomatiek faal ewewyl en intussentyd word die berigte van Waterberg ongunstiger en meer onrusbarend. Daarom rig hy hom regstreeks na die Komdt.Genl. met die versoek om met sy burgers terug te kom teneinde die grens te bewaak. In

57) R 5756x/00, d.d.26 Februarie 1900. R 5628x/00, d.d.28 Februarie 1900. Hulle verskuif die hooflaer na Rooikuil vir beter grensbewaking.

58) Leyds 718, d.d.4 Maart 1900.

59) R 5610x/00, d.d.5 Maart 1900.

die Vrystaat is hy nie nodig nie; daar is nog genoeg mense
wat opgekommendeer kan word
60)

Die Komdt.Genl. verwys die versoek na die President.
Laasgenoemde is verbaas en verorg oor die voorstel:

"Ik ben verwonderd dat gy zoo een verzoek kon maken
daar zooda U weet de O.V.S. de brandpunt is en indien
de vyand de gheele O.V.S. inneemt wat zal het baten om
Waterberg te beschermen?Ik vertrouw dat gy U
niet aan de krygswet zal schuldig maken maar aan de U
gegeven orders zal gehoorzamen" 61).

Nog gee Genl.Grobler nie op nie: dan maar President
Steyn om verlof vra met 'n dreiement om anders te bedank. Hy
vergis hom nogtans indien hy dink dat hy langs 'n omweg sy
wens vervul sal kry. President Kruger word ingelig en l.g.
dien Genl.Grobler 'n sterk berisping toe:

"Wilt gy onze land aan den vyand overgeven? De vyand
lag daar voor U alle uren geroed om U aan te vallen;
moet gy nu spreken van woggaan?.....Ik vertrouw
dat U niet weer zulke vragen zal doen maar uw plicht
doen om ons land verdodigen.....Als gy bedankt
geeft het U toch niets want ik zal uw bedanking niet
aannemen.....Het is nu geen tyd om mooi te praten
of ongehoorzaam te zyn"....62).

Tog kom die President Genl.Grobler tegemoet deur
aan 20 % van sy burgers verlof toe te staan waar ander laers
maar 10 % kry, omdat hulle solang al in die veld is. En so kom
eindelik, na ses weke van probeer en vra, Genl.Grobler om
Komdt.Lombard met 'n gedeelte van hul manskappe vir 'n twaalf
dae verlof tuis
63)

Eenmaal tuis, kos dit moeite en strawwe om die bur-
gers, na die verloftyd verstroke is, weer na die front te kry.
Die verlofsiekte het onder hulle gehers en die landdros is
verplig om die onwilliges, tuisblywers en wegskuilers deur

60) Leyds 720, d.d. 25 Maart 1900 (p.29)

61) Leyds 720, d.d. 25 Maart 1900 (p.45). Vorster, wat juis met
verlof in Pretoria is en van Genl.Grobler se wens vermoem,
bedien hom 'n goeie raad: indien die Regering hulle nie
wil laat terugkom nie, kan hy probeer om sy getroude mense
te laat vervang deur ander wat nog nie na die front was
nie. Hyself volg hierdie prosedure in Zoutpansberg en as
die generaal dadelik aansoek doen, sal hy hom behulpsaam
wees. Ongelukkig ontmoedig die Regering 'n aflossing uit
vrees dat die net verwarring sal stig. R 6664x/00.

62) Leyds 721, d.d. 9 April 1900 (p.44).

63) Op 18 April 1900; Leyds 721, d.d. 16 April 1900 (p.42).

64)
boetes en tronkstraf aan te spoor . Die Uitvoerende Raad
ag dit dan ook nodig om

"lettende op den hoogen ernst der tyden alle verloven
voorlopig tot het einde der lopende maand te stoppon en
alle burgers die niet by hun commando zyn, of zy al of
geen verlof hebben, op te commanderen en onmiddellik
weder naar hun commandos terug te zenden" 65).

Moeilike tye en De Beer word vererger as hy 'n sirkulêre
van die heer De Waal van die Hoofkommissariaat ontvang omtrent
die pryse vir slagbeeste en hawer:

"Denk jy dat ik jouw kleingood is? Heb jy my een schaal
gegeven op de vier wachtplekke die ik onder my heb?
Weet jy hoover die wachte van elkander verwyderd is?
Volgens jouw beroknings zal de hawer nou duurder uit-
kom. Ik zal op die ou manier voortgaan om 30/- te gee
voor die 100 besschen en als jy dit wil anders hê dan
moet jy maar zelf kom als genl. op die gronzen. Ons kan
hier geen ossen die 700 lbs. wege kry voor £14, keep
jy dan ossen en stuur ver ons. Ik zal my eigen kost eet,
stuur jy nou maar kost ver die burgers. Ik zal ook myn
eigen voor ver my paarden gee, stuur jy nou maar voor
ver de burgers ze paarden. Jy zit lekker op Pretoria en
voel nie die koue en regen" 66).

In die loop van Mei maand word die toestand al ernstiger
en die gebrok aan menskappe al nypender. Ewe-as Volks-
raadslid Vorster kry ook Volksraadslid De Beer opdrag om met
endor siviele amptenare na die Vrystaat te kom ⁶⁷⁾. Maar soos
Vorster is hy glad nie begierig om te gaan nie.

Om aan die opdrag te ontkom, som hy die gewone be-
sware op; verswakking van die distrik is onwenslik weens die
naturellegevaar. Te veel burgers is s.i. reeds weg.

"Zoe begint ik benauwd te worden. God alleen weet wat
er dan van ons district Waterberg zal worden. Genl.
Grobler heeft zyn familie ingesloten zyn gehuwde kinde-
ren, zyn vee en paarden alles laten vervoeren na Harting-
tingsburg, dus reeds het gevaar gevoeld" 68).

-
- 64) Leyds 722, d.d. 29 April 1900; 30 April 1900 (p.70).
74 burgers word t t 'n bedrag van £2,132 beheet en 5 man-
skappe word in die gevangenis geplaat.
- 65) R 7933x/00, d.d. 4 Mei 1900.
- 66) Leyds 722, d.d. 28 April 1900 (p.18).
- 67) Leyds 725, d.d. 19 Mei 1900 (p.18). Lombard, wat nog nie te-
rug is nie, moet met 100 man Genl. Grobler versterk, maar
aangesien hy siek in sy laer is, moet hulle met De Beer
saam gaan. Leyds 725, d.d. 21 Mei 1900 (p.43,106).
- 68) Leyds 725, d.d. 24 Mei 1900 (p.36).

69)

Om aan sy argumente krag by te sit maak hy gebruik van sy burgers in sy laer wat hulle generaal nie wil laat gaan nie: "Neemt U onzen generaal weg dan zyn wy zonder hoofd; niemand onzer gevoelt zich in staat zyn zware taak over te nemen" 70).

Genl.Grobler betwis De Beer se syfers. Indien hy orders moet uitvoer, sien hy nie in heek om aan De Beer se bewerings geloof geheg moet word nie 71). De Beer is kwaad:

"wil ik U (die president) op het gemoed drukken dat ik nooit teveren in myn leven een telegram ontving over onze ongehoorzaamheid of iets dergelyks zooals die vanFrederik Albertus Grobler, Ass.Genl.van Waterberg. Ik heb Frederik Albertus Grobler teen hy laatst hier was aangeboden.....om in zyn plaats te gaan hetwelk hy weigerde. Ik heb Frederik Albertus Grobler ten tweedemaal aangeboden na de front te gaan en weer werd zulks door hem geweigerd" 72).

Die 25ste is De Beer op Tweefontein om sy familie te groet en hy hoop om die 31ste Mei te vertrek 73). Vir die president is dit egter veels te laat; Die Engelse troepe is Vaalrivier deur on trek op na Gatsrand. Dis nie tyd vir skeld nie, maar tyd om te bid en werk. Daar is werk vir Ass.Genl.De Beer, seer dringend.

"Kom toch, kom toch haastig.....Kom nog heden nacht door" 74).

Maar ag, daar is geen burgers nie, geen perde; die burgers moet eers hul families gaan greet; die wyke moet nog rondgegaan word om te kommandeer. Te laat! Voordat De Beer optrek breek die vyand deur die Beerolinies en vertrek die President na Oos-Transvaal.

-
- 69) Volgens De Beer tel Waterberg tussen 700 en 800 burgers en hiervan is byna 400 met Genl.Grobler weg. Daar bly dus slegs 300 oor. Van hierdie 300 is ruim 50 terug weens koors en 'n groot aantal lê siek in die laers. Buitendien is die aantal perde gering. Leyds 715, d.d. 14 Mei 1900 (p.36).
- 70) Leyds 725, d.d. 24 Mei 1900. "Luidruchtige" Jan du Plessis de Beer trek later met 300 families deur Krokodilrivier om onder die kaffers by Khama oor te gee (Vechten en Vluchten, p.233).
- 71) Leyds 726, d.d. 25 Mei 1900 (p.17).
- 72) Leyds 726, d.d. 26 Mei 1900 (p.13).
- 73) ibid.
- 74) Leyds 726, 27 Mei 1900 (p.77).

B E S L U I T

Vanaf die 5de Junie 1900 is die Regeringsetel op Machadodorp gevestig¹⁾ en word die sleutels van Pretoria deur burgemeester Potgieter aan die vyand oorhandig, terwyl die hoofmagte langs die Oosterlyn en op die Transvaalse Hoëveld opereer om die vyandelike opmars te vertraag.

Die besetting van die hoofstad laat die Noordelike kommandos verslae en vertwyfeld agter. Die gedagte kom by hulle op dat die stryd verby en verlore is en die demoralisasie onder die burgers is so groot dat die kommandos uitmekaar en huistoe gaan.

Nie sonder rede maak hierdie mistroostige gedagte hom van hulle meester nie. Dit lyk of hulle verlaat is en of die Regering hulle in die steek gelaat het. Geen bevels bereik hulle nie; alle kontak met die hoofmag is verbreek en daar word geen poginge in die werk gestel om dit te bewaar, nie. Inderdaad skenk die Regering geen aandag aan die behoeftes van die Noordelike distrikte nie. Herhaalde aansoeke van die betreffende landdroste het geen resultaat afgeworp nie en met die besetting van die hoofstad is die Noordelike distrikte onversorg, sonder proviand en sonder voldoende ammunisie. So verwaarloos is die belangrike Pretoria-Pietersburg spoorweg dat nie 'n enkele lokomotief beskikbaar is vir die vervoer van burgers en lewensmiddele nie²⁾.

Tog is Noord-Transvaal uiters geskik vir verdediging. Die terrein leen hom daartoe uitmuntend. Digte bosse, afgewissel deur onbegaanbare bergreekse en droë, dorre, sanderige streke maak dit moeilik vir die aanvallers, terwyl die verdodiger hom in 'n gunstige posisie bevind³⁾. Dit is amper onverklaarbaar dat hiervan geen gebruik gemaak is nie. Ander oorweginge het agter by die Regering gegeld en die noordelike

1) Leyds 669, proklamasie Buitengewone Staatscourant, 7.6."00.
2) Aantekeninge van Krause.
3) Eers die 8ste April 1901 is Pietersburg beset.

distrikte is vir 'n hele paar maande verwaarloos. 'n Klein vyandelike mag kon, sonder 'n skoot te skiet, die hele Noord-Transvaal in besit geneem het, maar hulle het nog nie die noodsaaklikheid daarvan ingesien nie.

Na 'n tyd laat berigte van reorganisasie en hervatting van die stryd die moed herlewe. Genl.Grobler in Waterberg en Kommandant Van Rensburg in Zoutpansberg bring weer klein kommandos op die been en verhinder die opruk van die vyand noord van Warmbad.

In Zoutpansberg is Vorster die ongekroonde koning. In hierdie tyd van verwarring en afgesny van gereelde kommunikasie met die Regering, is sy woord gedurende die drie maande wet. Welmenend, maar onbekwaam vir sy taak, moet hy die veld ruim wanneer in September Genl.Beyers kom om die leiding oor te neem. Onder hom sal Zoutpansberg en Waterberg toon dat hulle vir geen ander distrik behoef agter te staan in die verdediging van hulle onafhanklikheid nie.⁴⁾

4) Dis die Zoutpansbergers wat aan hulle afgevaardigde na Vereeniging die opdrag gee: "Onze onafhankelikhoid geven wy niet af. Wy zyn bereid veel toe te geven, doch dat niet". (Kestell, "Vredesonderhandeligen tusschen Boer en Brit, p.74)

BYLAAG I

1)

Aanstelling tot Ass. Komdt. Genl.

29 September 1899

Aan Welcd. Heer.....

Welcd. Heer,

Door dezen acht ik het myn plicht en voorrecht U andermmaal te benoemen als assistent en waarnemenden Commandant-Generaal voor de burgers en strydmacht van degrenzen van ons land, de Zuid-Afrikaansche Republiek. De krygsmacht zoo onder uwe leiding gesteld wordt gecommandeerd door de commandanten en officieren van de districten.....

Aan al deze commandanten zyn reeds de oproepingsorders per telegraaf ons, verzonden. Het zal nu uwe taak wezen om hun verdere instructies te geven om hun te doen weten waar zy by elkander moeten komen; zoo wil ik U ook melden dat voor deze krygsmacht een battery artillerie met 4 Krupp kanonnen, 4 groote maxims en 4 kleine maxims zyn beschikbaar gesteld, onder kapitein.....Ik maak U verder nog bekend dat ik den Ed. Achtb. Heer..... heb verzoekt en aangesteld als uw vertrouwelyke adviseur; wilt zulks ter kennisse brengen van alle officieren, daar ik het van groot belang acht, dat in deze zeer zware stryd wy geholpen worden door den raad van zulke beproefde en door het volk gewaardeerde mannen. Laat ons den zoels in myn circulaire reeds gezegd is in liefde en oendracht zamen werken en zoo zal onze God ons zegenen.

De werkzaamheden aan U opgedragen en plicht door U te volbrengen zyn gewichtig en kunnen niet alles op papier worden gebracht. Wy moeten vechten voor ons volksbestaan en de onafhankelikeid van ons land en volk, en het wordt verwacht dat ieder zyn plicht zal doen, daartoe helpe onze God, onze Heer.

Operaties, plannen en uitvoer moeten door de officieren worden betracht, en het zal van de uiterste belang wezen dat wy de zaken aan onze afdeling toevertrouwd, zoo spoedig mogelyk tot een einde brengen, zoodat wy op andere punten hulp kan bieden; daarom doe een ieder zyn uiterste best, en mag onze God uw werk voorspoedig maken en ons spoedig vrede en rust doen herwinnen is het vurige wensch en bede van uw oprechten vriend en dienstwilligen dienaar,

.....

Cdt. Genl.

1) K.G.262-595/99; ook in K.G.352 en, met kleine wysigings en 'n P.S. in K.G.344 (gerig aan S. Burger en deur die Komdt. Genl. onderteken).

2)
BYLAAG II Insaake die gebruik van dum-dum koëls

"As to the use of "dum-dum" and expansive bullets of all kinds. Such ammunition was unknown amongst the Boers until they found it on the bodies of English soldiers who were captured or killed in this war. When in spite of our repeated protests the English still continued using this kind of ammunition, our men retaliated and used the dum-dum ammunition taken by them from the enemy and even manufactured such ammunition or converted the ordinary mauser cartridges into expansive bullets by cleaving the points.

Both sides then continued the use but the English initiated the practice. I have still in my possession some Lee Metford "dum-dum" cartridges taken from the English at Brice's store in November 1899 and also some taken from the Northumberland Fuseliers in the action of Nocitgedacht on December 14, 1900- more than a year later. And the soldiers from whom I took the ammunition said, "We can't help it, Sir! It is the ammunition served out to us. We have no other means of getting ammunition".

.....I examined the Lee Metford ammunition both that in the cases and that which I personally took off the Tommies. The cartridges are in paper packages containing 10 cartridges each. In many of these packages I found two and three cartridges with dum-dum or soft-nosed bullets. Both Generals Gordon and French admitted to me the possibility of this as such ammunition was at one time sent out.

Among the Boers I also found men with soft-nosed Mauser bullets. Therefore from personal experience I know that both sides are using this kind of ammunition. I also know that such ammunition was originally unknown amongst us- and it is admitted by the English generals that at one time, i.e. in the beginning, the troops were supplied with it. The conclusion I draw is that the English commenced the practice and continue it even now. The Boers have followed this example.

Hence what is the use of all this outcry and mud-throwing about the use of dum-dum ammunition? The English who began the practice ought to be the last to mention the subject. As in everything else they are only too ready to accuse the Boers with what they habitually practice themselves- in many instances their accusations are false and only made so as to draw off attention from themselves.

2) Krause's Reminiscences. Hulle is opgestel in Maart 1901.

3)
BYLAAG III Korrespondensie met Khama.

Laager Krokodilrivier,
20 Oktober 1899.

Aan Kapitein Khama,
Khama's Land.

Waarde Kapitein,

By dezen heb ik de eer U kennis te geven dat ik door de HEd. Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek opgedragen ben alle vyanden der Republiek op onze noordelyke grenzen te bevechten met al myn macht en kracht om welke reden ik dan nu ook hier ben.

Aangezien gy over onze grenzen woent heb ik het goedgedacht U te waarschuwen tegen deelname in stryd tussen ons en de Engelschen en indien hieraan niet voldaan wordt moet gy de gevolgen staan.

Verder wensch ik U kennis te geven dat aangezien gy de Engelschen toegelaten hebt uw grondgebied te gebruiken voor oorlogseperaties wy het ook te dien einde zullen gebruiken zonder echter U te zullen storen tenzy gy hulp (moreel of anderzinds) verleent aan de vyand en verzoek ik U, U stil en rustig te willen gedragen.

Ik heb de eer te zyn,
Kapitein,

(w.g.) F.A.Grobler,
Ass.Comdt.Genl.

Palapye,
23 Oct. 1899.

Capt.Grobler, Transvaal.

Sir,

I have received your letter from boys belonging to Selika and note your statement that I must not help the English or if I do I shall be sorry for it. And I also note your statement that I must be prepared to get all my goods and cattle together and that you will not interfere with me, that you are only warring against the English.

My reply is - If you enter with armed men into my country and among my cattleposts I shall fight you.

My words also are: That there are no Englishmen in my country. They have no town in my country. I should imagine that there are other places to look for Englishmen other than my country. There are no English here.

You must not think that you can frighten me or my people with your war talk. You must know that I am a son of the white queen. I do as they instruct me.

If I find you in my country I shall help the English to drive you out. What I know is that you do not mean what you say in your letter. I do not trust you.

You also state that Sekgoma has applied to you for assistance. Help him if you like.

I am, Dear Sir, Khama.

3) K.G.168, C.R.8277/99.

BYLAAG IV Beëdigde verklaring omtrent die insident met die wit vlag, 2 November 1899.

A. 4) Beëdigde Verklaring.

Ik, Naturellen Commissaris Daniel Johannes du Preez, behoortlyk beëdigd, verklaart en zegt:

Ik met 30 manschappen ging vrywillig vanuit de manschappen van den Wd.Genl. aan de Noordorkant van het Engelsche kamp meenende de vyand indien zy vluchtte te kunnen keeren.

Ik zag de Engelschen en was nader by het kamp ongeveer 150 treden, dan myn gedachte was, ik liet myn paarden achter, nam een positie waaruit ik goed kon zien en vuurde op vyand; na eenige sarsies gevraagd te hebben stak vyand van achter een wagen de witte vlag uit, waarop ik dadoliek order gaf aan my menschen om niet meer te schieten en liet onze vlag opstoken waarop ik rechtep stond leunende op myn geweer en vroeg aan vyand in het Engelsch, "What do you mean by that white flag," waarop burger v.d.Merwe die langs my gelegen was evoneens opstond en geschoten word terwyl de witte vlag nog waaide en ik nog daarstond wachtende op antwoord van den vyand. Toen ik dit zag begon ons van beide zyden weder te vuren.

Verklaard voor my, (w.g.) D.J. du Preez.
 Advocaat Sauer,
 Rechtsgelcoerd Adviseur,
 Noordelyk Commando.

B. 5) Verschenen voor my, adviseur Sauer, Noorder Hoofdlaer, Richard Granville Nicholson, welke zweert en zegt:

Op Donderdag 2 November 11. was ik in het gevecht by Krometartkopje. Ik ging by deze gelegenheid met Commissaris du Preez om vyand van achter aan te vallen. Toen hy op een afstand van omtrent 150 yards van den vyand kwamen werden er over en weer schoten gelost. Het duurde niet lang of vyand heesch witte vlag naast een wagen by zyn positie waarop Comrs. du Preez welke omtrent 10 yds. aan myn rechterzyde was in het Engelsch vroeg, "What do you mean by the white flag" en togelyk zeide hy aan ons vlagdrager: "Laat onze vlag zien."

Ik zag de witte vlag duidelyk en ging dadoliek om Comrs. du Preez behulpzaam te zyn met Engelsch spraken opdat partyen elkander beter zouden kunnen verstaan. Met het spraken stak Comrs du Preez zyn lyf op, zee ook burger V.d.Merwe, welke naast hem was gelegen; op dat oogenblik begon de vyand weer te schieten, terwyl de witte vlag nog wapperde, en viel van der Merwe dodelyk gekwetst. Ook H.Bong (Duitscher), die van der Merwe trachtte uit te brengen werd doodgechoten.

(w.g.) R.Granville Nicholson.

4) Leyds 672 (R 1320x/99; Ra 6764/99)
 5) Leyds 672 (R 2114x/99; C.R.8615/99)

BYLAAG V Vorster se karakter 6)

He was inordinately ambitious and vain. His title of Hoofdc commandant seemed to have got on his brain and he was always publishing the fact. He asserted that only the State President and the Commandant General ranked above him. That the landdrost would not bow the knee to him made him so ill that he was confined to bed. And he was extremely anxious to gain the good opinion of the burgers; he was loth to take up a firm standpoint against them; he disliked to punish them when they deserved punishment and it was in the public interest that they should be punished.

He liked them to believe and feel that although he was Hoofdc commandant still he was their great father and they were his little children whom he loved and who would do everything for them except chastise them. In this way he tried to act with the result that little respect was shown for his authority - and that the burgers did just what they liked.

.....Barend Vorster possessed a wonderfully double nature. At certain times and on certain occasions he would pray and preach and throw himself into a religious extasy which at the time I believe was thoroughly sincere and yet, when the fit had left him he became as worldly as can be imagined. I have sometimes met people who are thus constituted but never in so remarkable degree as in him. He could pass from the one state to the other in a moment.

BYLAAG VI Vorster se proklamasie. 7)

"He issued a proclamation something like the following:
 "Whereas the district of Zoutpansberg is completely cut off from the Government of the South African Republic and whereas it is necessary for the due maintenance of law and order and the proper administration of public affairs that the Government of the South African Republic be continued in the district of Zoutpansberg, now therefore I, Barend Vorster, Hoofdc commandant of Zoutpansberg hereby proclaim and make known that I hereby constitute myself to be the only and sole legal representative of the South African Republic and I hereby order and command all and sundry officials hitherto charged with any kind of financial administration for which they would ordinarily account to the said Government of the South African Republic from this day forth to account to me in my said capacity in the same way as they are by law usually bound to account to the said Government of the South African Republic. Anyone failing to obey this proclamation directly or indirectly will render himself liable to punishment under martial law.

God save land and People.
 Given under my hand and seal of office,
 this ...day of1900, A.D.
 at Pietersburg, district Zoutpansberg,
 South African Republic.
 B.J.Vorster,
 Hoofdc commandant.

6) Krause.

7) id. Die oorspronklike Hollandse proklamasie kon ek nie die hand op lê nie. Sien bls. 58.

NOORDELIKE HOOFDLAGER, OKT. 1899 - MEI 1900

651699 BROOS